

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Die man, die bal en die spel

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. So sê God in die negende gebod van sy verbondswet. Oor die eis van God se gebod bely die kerke in Sondag 43 van die Heidelbergse Kategismus dat 'ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie, niemand se woorde mag verdraai nie, nie 'n kwaadstoker of lasteraar mag wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie'. Inteendeel, 'alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie'.

Die kerke bely verder in Sondag 43 dat 'ek in regsake en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê en opreg moet wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder'.

Hierdie gebod en die belydenis wat daaruit voortspruit, is bepalend vir ons daaglikse gesprekke, debatte, vergaderings, hofsake, verhore en besluitnemingsprosesse. Dit is ook bepalend vir alles wat gesê en geskryf word, onder andere tydens byeenkomste van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel en in *Waarheid en Dwaling*.

Al te maklik kan dit gebeur dat sake en persone met mekaar verwar word. As daar verskil van opinie oor 'n bepaalde saak bestaan, word die klem verskuif van die inhoud van die saak na die persoon wat praat. Die vraag is dan nie 'wat word gesê en beredeneer' nie, maar 'wie is dit wat praat'? Dienooreenkomstig word daar geluister of nie geluister nie. By tye word daar geoordeel nog voordat daar behoorlik geluister word. Die man word gespeel – die bal word gemis.

Dit gebeur ook al te maklik dat daar nie behoorlik, enduit geluister word nie. Nie alleen in gesprekke nie, maar ook op papier kan menings van ander skeefgetrek en verdraai word deurdat dit eensydig belig of aangehaal word. Hoogstaande akademiese werk word onder andere daaraan uitgeken dat verskeie toepaslike menings met mekaar in verband gebring en deeglik uitgeweeg word. Wat vir die akademie geld, geld net so goed vir die daaglikse omgang tussen mense. Dit is laakbaar om 'n sin buite konteks aan te haal of om iemand te etiketteer op grond van 'n enkele woord wat hy gespreek het, sonder om vas te stel wat

die totale gesprek is waarvan die enkele woord deel vorm.

'n Derde saak wat hieraan vasknoop, is die gevaar dat daar gesprink word vanaf beoordeling na veroordeling. Die Here waarsku in sy Woord dat ons mekaar nie ligtelik moet veroordeel nie (onder andere in Matteus 7:1-5). Dit neem egter nie weg dat ons sake moet beoordeel nie. Op die skaal van die Woord moet ons uitsprake en optredes van mense, ongeag hulle rang of stand, weeg en toets (1 Tessalonisense 5:19; 1 Johannes 4:1). Sodanige weeg- en toetsproses beteken nie dat ons mekaar ligtelik veroordeel nie. As gelowiges moet ons dit met beskeidenheid en die grootste versigtigheid doen. Die doel is immers om mekaar by die Here vas te hou, en mekaar te vermaan as ons sien dat iemand in die huisgesin van God die pad byster raak.

Wat laasgenoemde betref is dit een van die doelstellings van *Waarheid en Dwaling* om sake gebalanseerd te weeg, sonder om mense self op die weegskaal te sit. Dit beteken in praktyk dat, as die Cloete-omdigting krities bespreek word (*Waarheid en Dwaling*, November/

INHOUD

- | | | | | | |
|---|--|----|--|----|--|
| 1 | Redaksioneel
Die man, die bal en die spel | 7 | Kerkerf
2009 – Feesjaar
<i>Dr GJ Meijer</i> | 13 | Van die redaksie |
| 2 | Skriffoordenking
Tree uit die gemaksone, raak betrokke!
<i>Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen</i> | 9 | Onderwys (1)
Evaluering van leerlinge in Skriftuurlike perspektief
<i>P le Roux Bisschoff</i> | 13 | Regte
Vas en bindend, tensy (1)
<i>Dr AH van den Bout</i> |
| 4 | Aktueel
Die nuwe teologie van minimum geweld
<i>Dr ALA Buys</i> | 10 | Onderwys (2)
Opvoeding en onderrig – wat die Bybel ons leer
<i>P le Roux Bisschoff</i> | 15 | Persskou
- Vierkantige sirkel
- Die verskil tussen godsdiens en navolging
- Wye grense
- Beroepskeuse
<i>Dr GJ Meijer</i> |

Desember 2003, p 8 vv), daar allermins 'n uitspraak gemaak word oor die ewige sieleheil van Cloete of diegene wat die Cloete-omdigting sing. Net so word daar geen uitspraak oor die persoon van Rick Warren gemaak nie, ook al word sy boek *Purpose Driven Life* op die skaal van die Skrif en die gereformeerde belydenis geweeë en te lig bevind (*Waarheid en Dwaling*, Januarie 2005, p 6 vv).

Dit wil voorkom asof daar in die huidige gesprekke onder gelowiges oor dié saak heelwat misverstand bestaan. Beskuldigings word gemaak dat mense mekaar ligtelik veroordeel. In sekere gevalle mag dit so wees. Dit word met

hartseer gesê. Elke mens en organisasie moet daarteen waak dat die negende gebod van God se verbondswet nie oortree word nie. Maar met sy gebod plaas die HERE geen verbod op eerlike, openhartige beoordeling van sake nie. Deur gebalanseerde beoordelings bou ons mekaar juis op in die allerkosbaarste geloof.

Indien iemand van mening is dat daar in *Waarheid en Dwaling*, of by die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel – waarvan *Waarheid en Dwaling* die mondstuk is – ligtelik veroordeel word, moet dit prontuit en met bewyse gestel word. God eis dit. Daar mag egter nie agteraf gekonkel word

oor vermeende bybedoelings wat daar by die blad of die vereniging bestaan nie. Die HERE is Kenner van ons harte. Hy weet wat gesê geskryf en gepubliseer word. Hy weet ook hoe daar op dit alles gereageer word, al is dit 'n reaksie oor 'n koppie koffie.

Per slot van sake gaan dit nie oor die man of die bal nie, maar oor die 'spel'. Diensbaarheid aan God en die koms van sy koninkryk, die toerusting van gelowiges, is 'n saak wat ons almal na aan die hart moet lê. Daarvoor moet ons oop en eerlik met mekaar kan praat.

GJM

SKRIFOORDENKING

Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen, Marble Hall

Tree uit die gemaksone, raak betrokke!

Lees: Rigters 5

Waarom het jy tussen die veekrale bly sit en luister na die fluitspel by die troppe vee? In die afdelings van Ruben was die voornemens van die hart groot. Gilead het rustig oorkant die Jordaan gebly; en Dan, waarom vertoef hy by die skepe? Aser het bly sit aan die seekus en aan sy baaie rustig gebly. Sébulon is 'n volk wat sy siel gering ag tot die dood toe; ook Náftali op die hoogvlaktes (vers 16-18).

Soos 'n reënbui wat op 'n droë vlakke uitsak, so is die woorde van hierdie lofsang as dit die kerkakker deurtrek. Dit bring geloofsgroei en geloofsywer.

Droogte – so kan ons die lewe van Israel in daardie dae beskryf. Leierloos, moedeloos, lusteloos, futloos – so kan ons die volk in die algemeen skets. Dit is 'n droewige toestand wat omgekeer word as die HERE se beloftes en bevele gehoor en ter harte geneem word. Dan klink die lofsang 'Prys die HERE' op. Hy doen groot dinge. Hy stry vir sy saak. Hy behou sy

volk. Hy laat sy koninkryk kom!

Hy doen dit wonderlik. Hoe? Hy maak die aanvoerders wakker. Hy laat Barak sy roeping en verantwoordelikheid besef. Hy spoor die volk aan om hulle diensplig te doen.

Dan word hulle geëvalueer. Die evaluasie gaan oor die stamme van Israel se betrokkenheid by mekaar. Dit kom neer op hulle betrokkenheid by die koninkryk van die hemel. Die kollig skuif van die een stam na die ander. Wat hulle gedoen het en wat hulle nie gedoen het nie, word uitgewys. Elkeen moet hoor. Die een moet hoor en moet skep. Die ander moet hoor en hom bekeer. Niks doen is 'n euwel wat nie geduld word nie. Die Engel van die HERE vloek Meros (vers 23), want Meros het nie vir die HERE gestry nie. Ons moet hierop ag gee. Meros wou neutraal bly. Meros het nie vir die HERE geveg nie. Dit beteken Meros het teen Hom geveg; neutraal is teen God. Ons weet weinig van Meros; net dat hulle hul broers kon en moes

help deur die vluggende leër van Jabin te keer, maar hulle het nie. Passief-neutraal was hulle eintlik vir die vyand. Daarom is Meros weggevee.

Hierdie oordeel lig die dringendheid van elkeen se betrokkenheid uit. Die burgers van die koninkryk van die hemel leef nie in 'n gemaksone nie. Kerkwees bied geen terugsit-geleentheid nie. Tree uit die gemaksone! Raak betrokke! So beveel die HERE ons. Hy bemoedig die strydery: Sébulon en Náftali. Hy vermaan die gemaklikes: Ruben, Gilead, Dan en Aser.

Ruben, Gilead, Dan en Aser: hulle gemak veroorsaak verwyte en verskeurdheid. Hulle het hulle opdrag versaak. Hulle los hulle broers alleen. Hulle staan afsydig. Die stryd staan hulle nie aan nie. Hulle is besig met hulle eie belange. Hulle werk, hulle vrede en hulle voorspoed maak hulle afsydig, asof hulle niks met die oorlog teen Jabin te doen het nie.

Ruben het die oproep gehoor. Ruben en Gilead bly aan die

oostekant van die Jordaan. Hulle is veeboere en geniet vrede en voorspoed. Toe Ruben die oproep om hulp kry het hulle vergadering gehou. Hulle het besluite geneem; die voornemens van hulle hart was groot. Helaas, daar het niks van gekom nie! Hulle het niks gedoen nie. Nie een trek vir die oorlog op nie. Hulle het vrede en dit is vir hulle gerieflik. Hulle krale is vol. Hulle sit rustig en luister na die fluitspel van die herders. Hulle sien nie kans vir die basuinroep van die oorlog nie.

Gilead, Dan en Aser verroer geen vinger nie. Hulle bespreek nie eers die saak nie. Gilead word nie direk bedreig nie, daarom het hulle nie 'n saak met die stryd van hulle broers nie. Hulle laat hulle in die steek. Dan en Aser versaak ook hulle broederplig. Hulle hou hulle net met hulle stoflike belange besig. Dan dryf handel met die Fenisiërs. Hy wil nie deur sy broers gepla word nie. Aser geniet die rus van voorspoed aan die Middellandse see. Sébulon en Naftali is vir Aser 'n handige buffer. Jabin, die Kanaäniet, kan Aser nie maklik bykom nie; sy broers sal keer. Hulle moet maar veg, solank hy ongeskonde op die strand kan ontspan.

So kom daar 'n breuk in die broederskap. Eie gerief en eie belang veroorsaak die verwyte en bring verwydering. Hieroor word hulle deur die HERE vermaan. Ons moet hierdie vermaning hoor en ter harte neem. Elke gemeente en elke lidmaat het 'n aandeel in die stryd van die koninkryk. Elkeen word daartoe opgeroep. Die aanslag van Satan teen die koninkryk van die hemel moet deur ons teengestaan word. Elkeen word vir diensplig opgeroep. En elkeen wat nie aanmeld nie, wat nie kans sien om sy gemaksone te verlaat nie, wat sy broer as buffer gebruik, laat sy broer in die steek. Hy bring verwydering, want hy versaak sy roeping. Die pligversuimer word 'n skeurmaker. Hy los sy broer alleen!

Dit gebeur in die gemeente. Deelname aan die erediens en barmhartigheidsdiens word

gemaklik aan die ander oorgelaat. Eie belang en eie gerief verhinder die uitvoering van diensplig. Ampswerk, ook dit is vir ander. Dankoffers is 'n berowing van persoonlike gemak; ander kan die offers bring. Oor hierdie praktyke word elkeen vermaan. Onbetrokkenheid is pligversuim. Dit veroorsaak verskeurdheid.

Dit gebeur ook met betrekking tot ons roeping in die wêreld. Die Koningswoord moet verkondig word, maar daar is seker iemand anders wat daarvoor sal instaan. Die HERE se eer moet gehandhaaf word, maar wat sal die mense van ons dink? Daar is ander wat seker iets sal doen. Die volkshuishouding vereis beginselvaste betrokkenheid, maar dit sal te veel inbreuk op eie tyd en eie sake maak. Geen volk staan los van die koms van die koninkryk van die hemel nie. Elke lidmaat en elke gemeente het 'n plig teenoor die eie volk en ander volke; die volkslewe moet God eer. Ons betrokkenheid word vereis.

Daar is die gedugte aanval van die Satan op die kinders van gelowiges. Die onderwysstryd duur al lank. Steeds bly christelike onderwys die stryd van enkeles. Praat, dit doen byna almal saam. Doen, dit is vir die meerderheid te veel gevra. Die grootste hindernis is die onwilligheid en onbetrokkenheid van verbondsouers. Die offer vir die eer van God is te veel gevra. Laat dit vir die ander. Pligversuimend laat ons ons broers alleen.

Die HERE vermaan die rustige niksdoeners. Wie so gesind is moet tot inkeer kom, voordat hy so verstik raak in eie belang dat hy teen God stry.

Die HERE bemoedig ook die strydery. Hy roep: Bly beskikbaar! Sébulon het sy lewe op die spel geplaas. Náftali het dapper uitgetrek vir die stryd. Sisera, die leërowerste van Jabin, het met sy strydwaens gekom; hulle was gereed vir die geveg op die vlakke. Naftali en Sébulon het van die bergland af die vyand van die volk van God tegemoet getrek. Hulle

het hulle gemaksone verlaat. Hulle het die bedreiging gesien. Hulle het die stryd erken vir wat dit is, 'n koninkrykstryd. Hulle het hulle in die geveg begewe en dapper in die HERE se diens gestry. Die HERE het die leër van Sisera ontwig en hulle in verwarring gebring. Hy het sy volk behou, sy getroue strydery bly gemaak. So bemoedig Hy die wat hulle diensplig opneem. As ons in die stryd betrokke is, sien ons hoe die HERE sy verbond hou. As ons betrokke is, bemerk ons die koms van die koninkryk. Dit is die strydery se troos. Hou moed!

Stryd moedig voort. Elkeen wat só besig is, doen so voort. Elkeen wat tyd, gawes en goed vir die geringste en die grootste taak offer, stryd voort. Elke burger van die koninkryk wat die stryd teen Christus sien en daarteen opstaan, hou goeie moed. Die bereidheid, die vaardigheid, die verlossing en die oorwinning kom van die HERE. Juis om hierdie rede, laat jou broer nie los nie. Wees beskikbaar. Neem jou plek in. Raak en bly betrokke!

Die koninkrykstryd is beslis op grond van die verbond. Die HERE wat sy beloftes hou, laat die werk van sy hande nie vaar nie. Geen vyand kon die koms van Christus tot redding keer nie. Geen vyand sal die koms van Christus tot volmaking keer nie. Dit is die Koningswoord wat vasstaan. Hy oortuig die burgers van sy ryk daarvan deur die kragtige werk van sy Gees. Hy bind ons in Christus saam. Hy spoor ons aan tot die stryd. Hy maak ons bekwaam. Hy leer ons hande om te stry. Hy maak dat ons die boog kan span. Laat ons dan saam stry, los jou broer nie. Wees beskikbaar. Eer God!

Die nuwe teologie van minimum geweld

Sy oortuig my. Sy oortuig my nie. Sy oortuig my. Sy oortuig my nie. Hoeveel blaartjies het dié eksegetiese klawer nou eintlik? Die Gereformeerde Teologiese Vereniging (GTV) het onlangs sy bestekopname in Potchefstroom oor die debat oor die vrou in die besondere ampte gehou. Die boek¹ wat hieroor verskyn het vertoon 'n tweeslagtigheid: daar word gepoog om inherente onversoerbare punte ekumenies saam te bind. Twee sake staan in hierdie debat uit: die onlogiese kerkeenheid en die onredelike hermeneutiek.

Een in onsin

Die boek stel die volgende: 'Vanweë ons menslike beperktheid en ons sondigheid kan dit gebeur dat eksegete wie se eksegeese in die lig van die uitgangspunte geoorloof is en wat eksegeties houdbare en oortuigende eksegeese doen, tog 'n Skrifgedeelte verskillend verstaan – selfs binne een kerkverband. In sulke gevalle word in hierdie studie aangetoon waar die swak en die sterk punte van die eksegeese en hermeneuse is'².

Dit is duidelik dat die skrywers geen menslike hoogmoed in die eksegeese wil pleeg nie, en dat – ten regte – kerkeenheid (verkryging of behoud?) hoog op die hartsagendas is. Veral seker voor die feesjaar. Die menslike beperktheid en sondigheid moet verreken word. Tog, ten spyte hiervan, kom hulle by 'n snaakse gevolgtrekking uit: niteenstaande verskillende verstaan van die Skrif kan eenheid steeds in die kerk behou word.

Eenheid in onsinnigheid. Dit kan

tog nie. Dit is nie net onlogies nie. Dit is direk teen die gebed: 'Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het' (Johannes 17:20-23). Dit is ook direk teen die bevel van die Hoof van die kerk – die bevel om hart en siel een te wees: '... maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin' (Filippense 2:2).

Hier word, hoe goed bedoeld, 'n toegewing aan mekaar gegun wat God nie vergun nie. Intendeel, God se heerlijkheid is verbind daaraan of ons eenstemmig instemmig is met sy Woord. Tereg word ons gewaarsku oor wat die gevolge van uitstemmigheid (en dus sinodale waarheidsbepalende, handopstekende uitstemmery) kan wees: 'As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordstryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense' (1 Timoteus 6:3-5).

Skeikunde

Hierdie nuwe teologie van 'ons verskil, maar is tog nog een in liefde en in kerkverband' is vreemd; wesensvreemd aan die liggaam van Christus. Dáár is verskeidenheid, maar nooit geskeidenheid nie. Hier is geskeidenheid, verbloem as lieflike verskeidenheid. Anders is eenders? Eenheid in verskeidenheid is verbondsmatig; iets totaal anders as 'eenheid in geskeidenheid' (net 'n post-moderne netwerk kan so iets ken).

Eenheid in verskeidenheid of eenheid in geskeidenheid? Die eerste is goddelike gawe, as skeppingsbevel, as skeppingsherstel, as unieke gawe van die liggaam van Christus. Dit is die sin van ons lewe as kerkverband, as kerkverbond. Die tweede is onsin. Dit is teen die skeppingsbevel en 'n af-verskeuring van die eenheid van die liggaam van Christus. Daar is geen eenheid in onsinnigheid nie. Een in sin, maar nie een in onsin nie. Dit is verbondlos, en daarom verbandloos.

Ten spyte van die tweeslagtige eenheidspoging het daar tog 'n grondverskuiwing in die eksegetiese en hermeneutiese vertrekpunte gekom. Die sjibbolet woorde 'wetenskaplik geldig/wetenskaplik ongeldig' is teruggestuur as 'n Derridaanse³ fabrieksfout. 'n Nog ingewikkelder driesprong word gewaag: eksegeese is 'geoorloof of ongeoorloof', en verder is dit 'houdbaar of onhoudbaar' en nog verder is die eksegeese 'oortuigend of onoortuigend'.

'In die bestudering van die vraagstuk van vroue in die besondere dienste word daar, soos

1 Breed, Van Rensburg & Jordaan. 2008. Manlik en vroulik in die kerk. Geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroomse Teologiese Publikasies. Potchefstroom.

2 2008:66

3 Vergelyk voetnoot 61 (2008:65).

by ander eksegetiese vraagstukke, van sekere voorveronderstellings en vertrekpunte uitgegaan. Alle eksegetiese en hermeneutiese wat oor die vraagstuk van vroue in die besondere dienste gedoen word, word in die lig van hierdie voorveronderstellings en vertrekpunte beoordeel en dan word besluit of die eksegetiese en hermeneutiese geoorloof of ongeoorloof is. Geoorloofde eksegetiese en hermeneutiese word verder beoordeel aan die hand van die eksegetiese raamwerk van die grammaties-historiese model naamlik of dit eksegeties houdbaar of onhoudbaar is. Verder word ook beoordeel of dit eksegeties oortuigend is. Eksegetiese kan meer of minder oortuigend wees' (2008:65-66).

Wie oorreed vir wie?

Die kruks van die nuwe eksegetiese en hermeneutiese model is oortuiging. As jy my eksegeties oorreed, wat is die implikasie? As jy my eksegeties nie oorreed nie, wat is die gevolg? Oortuiging al dan nie, wat dan? Dan niks nie, want die nuwe eksegetiese model is nie op eenheid gerig nie. Of jy my oorreed of nie, ek bly met jou een, want die skrywers is blykbaar reeds oortuig dat 'n mens verskil(lend) een kan wees.

Die denkfout van hierdie nuwe eksegetiese en hermeneutiese model, wat op oorreding sonder gevolglike eenheid ingestel is, is tweeledig. Die gereformeerde goudwoorde 'openbaar' en 'verbond' is met 'kommunikasie' en 'verhouding' vervang⁴. Hierdie grondverskuiwing is 'n filosofiese verskuiwing wat groot gevolge vir die kerkvolk inhou.

'God openbaar Homself' is iets anders as 'God se kommunikasie aan die mens oor Homself'. 'God herstel sy verbond' is iets anders as 'God wat die verhouding tussen Hom en sy beelddraer herstel'.

Waarom lê die verskuiwingsverskil presies?

Redelike openbaring

Kan God op so 'n manier met my praat dat ek verstaan wat Hy aan my sê? Die 'oud-gereformeerdes' sou sê: ja en amen in Christus. God gee die Woord. God gee sy rede. God gee ook die oor-red(e)-ing. En God gee die verstaan van die Woord. Die Heilige Gees oortuig. God se Woord (*logos*, rede⁵) kom tot die mens, ook in die vleeswording van die Woord. Daardeur bewerk die Heilige Gees oor-rede, oorreding, oortuiging. Dan eers is 'n mens vas en seker in jou eie oortuiging, in jou belydenis.

Die nuwe eksegetiese en hermeneutiese vertrou God met die skryf van sy Woord, maar nie met die uitleg nie. Die rede, die *logos*, die Woord, kom van God af. Maar die oorrede, oorreding is nou die mens se verantwoord(e)-likheid. Die aktiwiteit van die nuwe hermeneutiese is daarop gerig dat God se openbaring onveranderd kom tot die hedendaagse mens in hulle eie situasie en omstandighede (2008:43). Dus: God het regtig toe gepraat, maar ék sal jou nou oortuig wat Hy nou vir jou wil sê. Hier is duidelik 'n verwarring tussen die rede van God en die rede van die mens.

Descartes

Hierdie ontwikkelingslyn het filosofies by Descartes begin wat alle verstaan slegs van die menslike rede afhanklik gemaak het. In die kern van hierdie model word die oorredingsvermoë van die Goddelike rede ontken. So word die getuienis van die Heilige Gees (Handelinge 15:8: 'En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons'; sien ook Romeine 8:16) wat die waarheid – Christus – verklaar,

5 In the previous lecture the Prologue to John's Gospel was translated as, "In the beginning was Logic, and Logic was with God, and Logic was God." This translation is not as facetious as many may think. It was, to be sure, selected for the sake of forceful emphasis; but no one can linguistically object to the softer translation, "In the beginning was Reason, and Reason was with God, and Reason was God." With the other Scriptural passages previously cited, it is clear that the postulate of verbal revelation implies a rational and intelligible religion. Clark, GH. 1968. An introduction to Christian Philosophy. The Trinity Foundation. Maryland.

kunstig, met 'n skyn van heiligheid verander na 'n 'interpretasiegawe van die Heilige Gees'.

'Aangesien die hele eksegetiese proses, in sy grammatiese en in sy historiese fasette, maar veral in die proses van sintese en hermeneutiese, in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit as blote meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te beoefen nie. Die Skrifverklaarder moet biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig sal gee om te interpreteer en die gawe om te onderskei wanneer hy poog om te bepaal wat werklik God se blywende opdrag vir ons vandag is, wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, en wanneer bepaal word wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat geld as bysake' (2008:64).

Die Heilige Gees leer ons beslis nie om te interpreteer nie. Dit is 'n onbybelse heidense gedagte. Die Heilige Gees van waarheid lei ons in die waarheid. 'Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig' (Johannes 16:13-14).

Ons mag nie in 'n geïnterpreteerde Christus glo nie. Ons moet in die geopenbaarde, verklaarde Christus glo. Die maagdelike priesteres by die orakel van Delphi se wonderwoorde uit die swaeldampe moes ook deur die priesters geïnterpreteer word. Dordt is nie Delphi nie. 'n Geïnterpreteerde Christus is 'n anti-chris. Hoe verskil hierdie nuwe interpretasie enigins van heidense interpretasie modelle van sogenaamde heilige tekste?

Minste geweld

Wat is die basis van hierdie onsinnige vergunning dat ons (ten spyte dat God sy heerlikheid verbind aan ons eenheid met

Hom en met mekaar) kan verskil, maar tog een kan bly? Elke nuwe teologie het natuurlik sy eie nuwe begrippe-apparaat. Dit is baie duidelik dat daar nie 'n baie geslaagde versoeningspoging is tussen die grammaties-historiese metode en die sosio-historiese benadering nie⁶.

Die eindprodukt as besluitneming⁷ om God se wil die minste geweld aan te doen is om die minste te sê ongeoorloof, onhoudbaar en onoortuigend. Maar dit is om te min te sê. *Soli Deo gloria* – aan God alleen die eer, behalwe natuurlik as ons aan die stry raak. As ons verskil? Minste geweld, broeder; of eietyds gestel, broer en of suster, soos wat jy geslagtelik aangespreek wil word, as jy natuurlik gespreek wil wees. As ons verskil dan kom ons met 'n nuwe belydenis, konvensie: ek en jy is so sondig, en ons het mekaar so lief, laat ons tog ooreenkom om God se wil die minste aan te rand.

Watter soort kerk(eenheid) is dit? Watter soort liefde is dit? Hierdie geskeie een wees en beperkte liefde van die nuwe teologie van minimum geweld? Wat van die belydenis⁸ oor die wil van God? Gaan dit die slagoffer wees van hierdie nuwe hermeneuse?

Verskraalde verlossing

Hierdie nuwe teologie het 'n selfopgelegde inperking tot die verlossing van die mens. 'Veral tersaaklik vir die eksegetiese

6 Vergelyk hoofstuk 3 in die verband.

7 '17.3.2.2 Besluitneming ... Indien kerke nie duidelikheid kan kry oor die vraag of hierdie aangeleentheid binne die skopus van die Skrif val of nie, sal wysheid nodig wees om die inrigting van die kerk op so 'n manier te doen dat dit, menslik gesproke, God se wil die minste geweld aandoen' (2008:203-205). Dan volg drie weë (wee?) hoe God bedroef kan word in een kerk.

8 Die kerk se belydenis oor die wil van God verskil radikaal van die dokument s'n: 'Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is' (NGB Artikel 7).

hoofstukke van die dokument is die belydenis dat dit in die Bybel ten diepste gaan oor die volgende: ... oor die wyse waarop Hy verlossing bewerk ... Die wyse waarop God wil hê dat die verlore se lewe moet wys dat hy/sy leef vanuit die herstelde verhouding met God' (2008:66). Teologies word dit soteriologiese verskraling genoem. Wie sê dit gaan ten diepste daarvoor? Wat van onder andere God se heerlijkheid?

Hierdie verskraling, dat die Skrif primêr oor verlossing handel, het 'n filosofiese wortel wat setel in 'n al te maklik aanvaarde triptieke lyn van skepping, sondeval en verlossing. Filosofies word dit louter kosmologiese denke genoem. Groot woorde, maar dit beteken jy begin dink by die skepping en nie by die Skepper nie. Jy redeneer oor oortuiging of nie vanuit die verlossingsentrum: beïnvloed die debat my verlossingsverhouding met Christus of nie. Dit is aardse redenering. God bind ons debat aan sy heerlijkheid. Dit gaan ten eerste nie daarvoor of dit my verlossing raak (dit doen wêl, maar nie ten eerste nie). Dit gaan oor God se eer en heerlijkheid wat Hy aan ons as verlostes geskenk het. 'En Ek het hulle die heerlijkheid gegee ...' (Johannes 17:22). Openbaring gaan menslike redenering vooraf.

Hierdie nuwe teologie impliseer dat God baie duidelik is oor die verlossing in Christus. Daarvoor kan daar blykbaar geen teenredenasie wees nie. Oor die ander sake – hoe Hy met sy heerlijkheid in sy eie kerk omgaan – mompel Hy glo in onduidelikheid wat geïnterpreteer moet word en laat Hy so 'n effense kraak in die heiligmakingsmuur toe, solank die regverdigsvesting bly staan. Het God ooit regverdigmaking en heiligmaking geskei? Het Hy nie juis sy heerlijkheid met verbondsbande aan sy genade gebind nie? '... soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehoe van sy

wil, tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde' (Efesiërs 1:4-6).

Die nuwe teologie bely dat God in Christus red, maar dat God se heilige heerlijkheid – wat sy verlossingswil én sy heiligingswil insluit – met minste geweld aangetas mag word.

Eintlike hoogmoed

Wie is nou hoogmoedig? Om só met God se heerlijkheid om te gaan is lewensgevaarlik. God openbaar sy heerlijkheid in die kerk, maar aan die heidene. Tuit die ore: 'Nou sal julle weet dat Ek die HERE is ...'. As God die heiden nie toelaat om sy heerlijkheid aan te tas nie, wie mag sulke woorde oor sy lippe neem 'laat ons God se wil die minste geweld aandoen'? Oortuiging is nodig; maar nie van my of uit my, of van jou of enige ander mens nie. Die Heilige Gees oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel. Kom nou redelose amptenare, as Johannes moes hoor: 'Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul' (Matteus 3:15), is dit net sy woorde? Pas dit ons ook nie om alle geregtigheid te vervul nie? Wanneer gaan ons Christus, die Woord (weer) toelaat om met ons te praat? Wanneer gaan ons dié geregtigheid vervul dat God Self kan praat, en dat Hy Self kan laat verstaan? Wanneer gaan ons ophou om die Heilige Gees met ons nuwe hermeneuse teen te staan, asof Hy nie by magte is om Self te oortuig nie?

Maak die saak uit. Wat help dit om in 'n God te glo wat 'n Bybel kon laat skryf en bewaar, maar wat nie almagtig genoeg is om my te laat verstaan⁹ wat Hy sê nie? Wat help so 'n geloof? Laat die Gees toe om ons te oortuig van ons sonde. Watter sonde? Ons sonde van eiewillige oorreding wat Descartes¹⁰ ons geleer het. Kom

9 Vergelyk HM Kuitert se Verstaat gij wat gij leest? 1969. Kok, Kampen.

10 'Cogito, ergo sum'. Ek dink daarom bestaan ek. Voor Descartes was daar algemeen die idêe (binne en buite die kerk, dat verstaan nie deur die mens geskep word nie. By Descartes kom die verskuiwing dat bewustelike verstaan slegs deur die mens self geskied. Hierdie wortel het kerklike lote gekry, waar die Goddelike rede (*logos*) met die menslike rede verwar word, en die eerste van die tweede afhanklik gemaak word. Meng dit met 'n paar post-moderne taalteorieë en jy kry 'n nuwe teologie: minimum geweld aan God!

tot inkering om Cartiaans twee redes as een rede te neem. Laat ons ons opnuut bekeer tot die ou Geestelike oortuiging van sy enige heerlijkheid. Noem dit dan 'n hermeneutiek van heerlijkheid as dit eietyds moet.

Primaat van die rede

God openbaar sy rede, sy Woord, sy *logos* aan ons. God redeneer nie met ons nie. Hy kommunikeer nie met ons nie, want dit behels bekkige terugpraat en nekkige teëspraak. Openbaring behels ten eerste dié belydenis: In die (heel) begin, was die Woord (heel eerste) – Johannes 1:1-14. God praat. Hy kan. Hy wil. Hy het. Hy sal – tot verheerliking van sy Naam. God praat eerste. Ons moet daarna luister, daarná. Ons kan – in Christus en deur sy Gees. Maar wil ons? Wil

ons die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom in die gereformeerde kerk hê? Julle wat God se wil minimaal wil laat aantast – weet jy wat jy sê? Weet jy waartoe jy die kerk oproep? Pasop dat die heerlijkheid van God ons nie met die hermeneutiek van vreemde vuur en al verdelg nie. Gereformeerde kerk wat die minimum geweld aan God se wil wil doen, skrik, want as jy met daardie onheilige voorneme voortgaan, pasop dat God jou nie doodpraat nie. Hy hét al. En Hy sal weer.

Feesviering

'n Fees wag vir ons. Honderden-vyftig jaar voordat ons begin praat het oor God en 'n nuwe geweldsteologie. Julle roep my: 'Kom laat ons God se wil die minimum geweld aandoen'. Julle

oortuig my nie. Ek gaan nie saam met julle onderneming nie. Weer roep julle my in liefde, innig: 'Kom, vier fees met my, terwyl ons God se wil, ek en jy, die minimum geweld aandoen'. Broeders, en susters van ons Here Jesus Christus, ek kan nie. Want ek is te bang, té bang vir die openbaring van God se heerlijkheid, tot die lewe, tot die dood.

God die Heilige Gees oortuig my van my sonde om Hom nie in sy rede te val nie. My sonde, maar ek gaan nie saam met julle om God se heerlijkheid met minimum geweld aan te rand nie. Nogmaals hoor ek julle roep: 'Kom, laat ons God se wil die minste geweld aandoen' en stamelbang prewel ek: 'Laat ons gebed wees om gehoorsaam te wees aan God se wil'.

KERKERF

Dr GJ Meijer, Pretoria

2009 - Feesjaar

2009 is in vele opsigte 'n feestelike jaar om na uit te sien. Nie om daarmee ander jare van minder belang te ag nie. Alle jare is Godgegewe jare, en daarom feesjare. Maar 2009 is histories gesien 'n belangwekkende jaar.

Die GKSA mag DV sy 150ste bestaansjaar vier. Die feesvieringe wat gereël word neem verskillende vorme aan. Die belangrikste is dat die groot werke van die Here in herinnering geroep word. En dat ons op daardie werke voortbou. Wat dit betref dwing feesviering 'n mens noodwendig ook tot selfondersoek. Is ons wat God ons roep om te wees? Doen ons waartoe God ons roep?

In laasgenoemde opsig is dit belangrik om vas te hou aan 'n tweede feestelike geleentheid wat in 2009 op die voorgrond staan. 1509 was Johannes Calvyn se geboortejaar. Calvyn se werke het die basis gevorm vir die

opstel van die Gereformeerde belydenisskrifte, die Dordtse kerkorde en die Gereformeerde liturgie – met name die Psalmsang en die formuliere wat nou nog in die kerke gebruik word.

Dit is gepas en goed om die werk van hierdie begenadigde dienskneg van die Here opnuut onder oë te neem. Heelwat projekte word onderneem om te verseker dat die werke van ons voorgangers nie onder die stof gaan lê nie. Oor enkele van dié projekte word daar kortliks iets vermeld.

Calvyn Navorsingskongres

Die tema van die 8ste Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres is 'Calvyn as Kategeet'. Dit vind plaas op 2-4 September 2008 by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Die kongres word georganiseer deur die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies in samewerking met die Fakulteit

Teologie van die UV.

Die plan is om te fokus op die kategetiese struktuur van die 1536 Institusie, die Geneefse kategismus as grondslag vir die reformasie in die stad, 'n vergelyk van Calvyn se kategismusse met soortgelyke kontemporêre dokumente, die kinderdoop en verbondsonderrig in Genève en die invloed van Calvyn se kategetiese werk.

Die kongres is eerstens bedoel vir teoloë, historici, navorsers en studente in verwante vakgebiede, maar enigiemand wat belangstel kan dit bywoon. Die eerste dag (2 September 2008) word spesiaal as voorprogram van die Kongres ingerig om jong opkomende navorsers en nagraadse studente die geleentheid te bied om referate oor die tema voor te hou. Die hoofprogram van die Navorsingskongres vind op 3 en 4 September 2008 plaas.

Prof RM (Dolf) Britz kan vir verdere

besonderhede by 051 401 2670 (kantoor), 051 444 0007 (huis), 083 407 1547 (sel) of britzrm.hum@ufs.ac.za gekontak word.

Internasionale kongres - 2010

Dr VE d'Assonville het in *Waarheid en Dwaling* van April 2007 'n artikel oor die aanbieding van die volgende Internasionale Calvin Navorsingskongres gepubliseer. Ter wille van die verfrissing van die geheue word 'n kort uittreksel daaruit weer geplaas.

'Daarom, só het die deelnemers aan die Calvin-navorsingskongres (van 2006 – GJM) geoordeel, sou met 'n Internasionale Navorsingskongres in 2009 miskien, ter wille van feestelikheid, te veel ingeboet moet word. Die navorsing sou op die agtergrond geskuif word. Word Calvin gedenk, of wil die mense hulleself vier? Dít is uiteraard 'n wesentlike gevaar waaraan die mens nooit kan ontkom nie. ... Die Internasionale Calvin-navorsingskongres het besluit om by die gewone frekwensie van een kongres elke vier jaar te bly, om steeds die klem op die teologiese en historiese navorsing te laat val, en om daarom die volgende Internasionale Calvin-navorsingskongres in 2010 aan te bied. Die eerste van sy soort in Afrika; die eerste van sy soort in die suidelike halfrond; die eerste van hierdie omvang in Suid-Afrika.

Die voorstel dat die aanbod deur die Sentrum vir Klassieke en Reformatoriese Studies (Bloemfontein) aanvaar word om die volgende kongres aan te bied, is eenstemmig deur die meer as 100 Calvin-navorsers, afkomstig uit vyf kontinente aanvaar. Trouens, dit het groot byval onder kongresdeelnemers gevind ... 'n Powerpoint-aanbieding met inligting oor Suid-Afrika, met 'n omskrywing van die kongres- en fasiliteitmoontlikhede, tesame met die rig van 'n amptelike uitnodiging na Suid-Afrika vir 2010 aan Calvin-navorsers uit Europa, Noord- en Suid-Amerika, sowel as Asië, moes

inderhaas voorberei word om nog voor die einde van die kongres aangebied te word. Aptyt is vir Suid-Afrika gewek en 'n voorsmaak van blootstelling aan Afrika is geskep. Een voorwaarde was deurentyd voelbaar en hoorbaar: primêre navorsing op hoogste vlak mag nie gekompromitteer word nie. Ook in Afrika-navorsing moet Calvin in die oorspronklike – hetsy Latyn of Frans – gelees word. Afrika mag nie 'n verskoning wees vir tweederangse navorsing of teologie nie. Ook teologie moet, in die woorde van Calvin, altyd *coram Deo* – voor die aangesig van God – geskied, tot God se eer alleen.'

Calvin se Institusie

Die Calvin Jubileum Boekfonds (CJBF) – 'n deputaatskap van die GKSA wat onder andere op die verspreiding van Gereformeerde literatuur fokus – het besluit om die Afrikaanse vertaling van Calvin se Institusie opnuut te druk en beskikbaar te stel. Voorheen is dié magistrale werk, wat deur wyle prof HW Simpson vertaal is, in vier bande uitgegee. Daar word tans aan 'n vyfde band gewerk wat as supplement saam met die Institusie uitgegee sal word. In die supplement sal daar onder andere 'n volledige onderwerp-indeks opgeneem word. Dié indeks is deur wyle br Enne Nieuwenhuis opgestel en bevat bykans 10 000 inskrywings aan die hand waarvan bepaalde onderwerpe in die Institusie maklik gesoek en met mekaar in verband gebring kan word.

'n Jeugroman oor Calvin

Me Jansie van der Walt het jare gelede 'n besonder insiggewende en uitgebreide roman oor Calvin se lewe geskryf. Dit is as 'n jeugroman uitgegee, met die bedoeling dat die jeug dit ook maklik kan lees. Omdat die hoofstukke kort en boeiend geskryf is, is dit inderdaad 'n maklik leesbare boek vir jonk en oud. Die CJBF het die boek opnuut gedruk: dié keer nie net in Afrikaans nie, maar ook 'n Engelse weergawe

daarvan. Die Engelse titel is *The Dawn of a New Light*. Beide boeke kan by die Administratiewe Buro van die GKSA (018 297 3986) bekom word.

Handleidings by die Kategismus

Een van die mees kosbare kleinode wat uit Calvin se denke en werk voortgespruit het, is die Heidelbergse Kategismus. Die 'Heidelberger' is en bly 'n troos- en leerboek by uitnemendheid. In Suid-Afrika is ons bevoorreg om die laaste jare hoë standaard handleidings by die Kategismus te bekom – en dit nogal in Afrikaans.

- Dr Johann le Roux se grafiese uiteensetting van die Kategismus is teen hierdie tyd al vir menige leser 'n bekende boek. Vir kinders wat katkiseer is dit 'n baie bruikbare hulpbron.
- Ouer lidmate van die Gereformeerde Kerke sal onthou dat daar enkele dekades gelede vereenvoudigde vroe-boekies oor die Kategismus opgestel is: 'n baie beknopte boekie vir beginners (rooi boekie) en 'n ietwat meer uitgebreide uitgawe (blou boekie). Beide boekies is weer in druk, en by die Administratiewe Buro van die GKSA beskikbaar.
- Dr Attie Bogaards het die afgelope jare aan 'n meer omvangryke handleiding by die Kategismus gewerk. Die tweedelige werk is getiteld 'Troos, troos my volk'. 'n Keurig versorgde uitgawe van EFJS-drukkers kan by dr Bogaards bestel word (attie@enigstetroos.org).
- Ds Egbert Brink se verklaring van die Kategismus, wat oorspronklik in Nederlands uitgegee is, is intussen in verskeie tale vertaal en word regoor die wêreld met groot vrug gebruik. 'n Afrikaanse vertaling sien binnekort die lig, en word deur die CJBF uitgegee.

Tolle lege – neem en lees!
Sodoende vier ons waarlik fees.

Evaluering van leerlinge in Skriftuurlike perspektief

Evaluering vorm 'n integrale deel van die dagtaak van 'n onderwyser. Juis daarom is dit nodig dat gelowige onderwysers moet besin oor die wyse waarop hulle leerlinge evalueer (assesseer). Ook wat hierdie aspek betref, moet hulle christelik en dus eiesoortig optree. Hulle mag nie toelaat dat hul denke net bepaal word deur dit wat in die praktyk reg lyk of slegs wat die owerheid van hulle vereis nie; dit behoort volgens die opvoedingsbeginsels van die Skrif gedoen te word.

Timoteus

In 2 Timoteus 4:2 ontvang die jong Timoteus die opdrag om God se Woord te verkondig, om te weerlê, te bestraf en te vermaan, in lankmoedigheid en lering. Net so moet die ouers en onderwysers optree. In alle onderrig moet God se koningskap en sy wil na vore tree. Onderwysers moet die kinders ook voortdurend evalueer sodat dit wat verkeerd is, reggestel kan word. Waar tereg wysings nodig is, moet dit gedoen word en waar hulp nodig is, moet dit verleen word. Uit 2 Timoteus sowel as Titus blyk dit duidelik dat steun of aanmoediging altyd 'n integrale deel van die evalueringproses moet vorm.

In praktyk beteken dit dat die evaluasie van leerlinge altyd deur 'n regstellende of aanmoedigende handeling opgevolg moet word. Evaluering bloot ter wille van evaluering is onregverdig. Toegee, in hierdie Skrifgedeeltes gaan die evalueringkant van die opvoeding van die gemeente hoofsaaklik oor die christelike lewenswandel, die christelike geloof, die hart en die siel, die gesindheid en die lewens-etiek soos wat dit in gedrag tot uiting kom. Dit gaan nie direk oor 'n mens se tegniese vaardighede en akademiese

prestasie nie.

In sy boek *Walking with God in the classroom* stel Van Brummelen die volgende punte as oogmerk vir evaluering in 'n christenskool:

- om aan leerlinge, ouers en onderwysers realistiese terugvoer oor leerlinge se prestasies, vermoëns gedrag en gesindhede te gee;
- om begeleiding aan leerlinge oor 'n verloop van tyd te beplan deur die stel van realistiese doelwitte;
- om rekenskap te gee van dit wat gedoen is, sodat regstellings in die program gemaak kan word waar nodig.

Van Brummelen merk op dat 'n leerling se innerlike gesteldheid baie moeilik bepaal kan word. Daarom moet ons versigtig wees om prestasie, veral akademiese prestasie, aan 'n leerling se ingesteldheid te koppel. Die Skrif waarsku immers (Matteus 7:1) om nie 'n ander persoon se hart te oordeel nie. Indien 'n leerling swak presteer mag ons ons daarom nie skuldig maak aan opmerkings soos 'Jy sal tog nooit êrens kom nie' of 'Jy is nou maar eenmaal niks' nie. Sulke veroordelende opmerkings is nie net onprofessioneel nie, maar ook onbybels.

Dit kan baie maklik gebeur dat onderwysers leerlinge wat goed presteer hoër ag as ander. Slegs sterk leerlinge se werk word uitgestal of ontlok positiewe kommentaar. Dit mag nie. As ons dit doen, misken ons die feit dat almal nie ewe veel vermoëns van die Here ontvang het nie (Matteus 25:15).

Prestasie in simbole omgerek

Die simbole wat 'n leerling behaal, is beslis nie tekenend van sy waarde

as persoon nie. Leerlinge moet eerder geleer word dat die mens as beeld van God geskape is; dat ons beeltenis van Hom deur ons sonde geskend is; en dat verbondskinders opnuut daarin opgevoed moet word om in die nuwe lewe hoe langer hoe meer tot die beeld van God hernuwe te word. Evaluering en assessering het daarom nie ten doel om sommige leerlinge uit te lig nie, maar eerder om hulle almal op hul roeping te wys.

Hoe goed ek in vergelyking met ander presteer staan nie voorop nie, maar wel of ek my talente tot God se eer gebruik. Die prestasie wat ons behoort na te jaag staan altyd in verband met ons gehoorsaamheid aan God en ons begeerte om Hom te behaag, en dan daarby hoe ons ons gawes tot nut en saligheid van ons medemens kan aanwend. Hiervan was die profeet Daniël 'n treffende voorbeeld. As onderwysers moet ons die leerlinge wat aan ons toevertrou is, daarop wys dat 'n christen altyd verantwoordelik en in gehoorsaamheid aan die Here moet lewe. Die Here sal rekenskap eis van dit waarmee ons besig is (Hebreeërs 4:13; Romeine 14:12).

Ware waarde

As gelowige kinders van God word ons geroep om tot die beeld van God vernuwe te word. Hy het ons so lief dat Hy sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om vir ons sondes te sterf. Ons kan nou as verlore mense lewe. Dan word ons waarde daarin bepaal dat God ons in Christus liefhet en dat dit Hom behaag wanneer ons – na die maat van gawes wat ons ontvang het – veelvuldig vrug vir Hom dra. 'n Gelowige kind het alleen waarde omdat God hom uitverkies het.

Tog is ons ook geroepe om ons

uitverkiesing vas te maak deur in die geloof te groei en daarin te presteer (2 Petrus 1:3-10). Dit is baie treffend dat nie alleen Johannes die Doper nie (Lukas 1:80), maar ook die Here Jesus Self (Lukas 2:40-52) binne die kader van die opvoeding in die verbond op 'n spesiale manier presteer het. Ook Paulus, wat self 'n uitmuntende presteerder was, moedig sy geloofskind Timoteus aan om te presteer (1 Timoteus 4:15). Die opbou van die gemeente aan die hand van die beeld van 'n menslike liggaam binne die destydse gimnasium (Efesiërs 4) impliseer

uiteraard dat daar ook ontwikkeling en prestasie verwag word, maar dan nie volgens die strewing van die wêreld waar dit hoofsaaklik oor eie roem gaan nie.

Met dit in gedagte verstaan ons dat ons nie leerlinge met mekaar moet vergelyk nie. Leerlinge moet elkeen ooreenkomstig sy/haar eie vermoë presteer en daaraan gemeet word. Ook behoort diegene wat vele talente ontvang het, nederig dankbaar te wees en nie op ander neer te sien nie. Die apostel Paulus beklemtoon dit in Romeine 12:3

as hy sê dat elkeen van ons nie van onself meer moet dink as wat ons behoort te dink nie, maar dat ons beskeie moet wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen van ons toebedeel het. In die wyse waarop ons evalueer en optree moet hierdie gesindheid duidelik na vore tree. Dit gaan nie daaroor wat die kind tot sy eie eer bereik nie, maar eerder om sy talente tot eer van God te gebruik, uit dankbaarheid vir Jesus Christus se verlossingswerk aan die kruis.

ONDERWYS (2)

P le Roux Bisschoff, Pretoria

Hierdie onderwysartikel en die wat in die volgende uitgawes van *Waarheid en Dwaling* gepubliseer word, is 'n weergawe van 'n publikasie van *Aros Ter wille van die nageslag*.

Opvoeding en onderrig - wat die Bybel ons leer

Watter klein Israeliet sou nie grootoog sit en luister as die oudste van die gesin aan hulle die betekenis van die Pasgafeesviering vertel het nie? So het die Here sy wonderdade van die een geslag na die volgende bekend gemaak. Dit was (en is) die taak van gelowige ouers om die weë van God se verbond aan hulle kinders, aan sy kinders, te leer. Dan seën die Here hulle.

Die Woord aan die woord

In Genesis 18:19 spreek die Here soos volg met Abraham: 'Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het'.

In die bekende Deuteronomium 6:4-9 kry ouers die opdrag om die wil van die Here aan hulle kinders te leer. So leer ook Psalm 78 verse 5 tot 7: 'Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het – om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag

dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die daade van God nie vergeet nie, maar sy geboorte kan bewaar ...'.

Ouers (ook moeders, Spreuke 1:8 en 31:1) moet hulle kinders begelei en brei in die weë van die Here sodat hierdie kinders voor God kan lewe; om ewig te lewe onder sy seënende hand.

Dit was egter nie al wat van die ouers in die Ou Testament verwag is nie. Om te lewe voor God impliseer ook die vermoë om 'n bestaan te kan maak. Die godsdienstige lewe en die praktiese bestaan gaan hand aan hand. Die wet van God is inderdaad ook 'n praktiese riglyn waarvolgens Israel moes lewe. Ouers moes daarom ook baie prakties wees in die lewenslesse aan hul kinders. Dit is 'n bekende Joodse spreuk dat 'n man wat sy seun nie die wet en vakmanskap leer nie, hom grootmaak as 'n sot en 'n dief. Dit was daarom die taak van die vader en moeder om in hul huise te sorg dat hul kinders kan lewe – lewe voor God. Hierdeur sou hulle

die verbondseën van 'n ryk lewe ontvang. Ja, van die ewige lewe.

Godsbeskouing

Kernbegrippe by die gereformeerde Godsbeskouing sluit in: Skepper, Verbondsgod, Vader, Opdraggewer, Eienaar, Regeerder, Onderhouer, Leermeester, Verlosser, Trooster.

Die kernbegrippe soos hierbo genoem, is die wysheid wat ouers aan hul kinders moes oordra. Die kennis wat gegee word in die oordrag van wysheid is die kennis van God. Hy is die inhoud van hierdie kennis wat tot ware wysheid lei. 'Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug' (Spreuke 1:7). Hierdie kennis en vrees vir die Here kom nie vanself nie. Hiervoor moet moeite gedoen word. Onderwys, dissipline en die toepassing van gesag is nodig. So ook moeite van die student (lees Spreuke 2:1-7).

Iets oor beeld-wees

Om beeld van God te wees, is om die ou mens en sy praktyke af te lê en die nuwe mens aan te neem

om onvolkome, in sonde, jou menslike bestemming na te streef, soos God dit wil. Hoe om die beeld van God te wees, kan nie sonder die kennis van Genesis 1 en 2 verstaan word nie. Die mens moet as ampsdraer van God – in die rykste sin van die woord – die aarde bewoon, bewerk, bewaak, vrugbaar wees en vermeerder en 'n geslag vir God daarstel. Daarom mag daar geen dualisme wees tussen kerk en wêreld nie. Die natuurlike gawes waarmee elkeen gebore word moet inderdaad tot volle ontwikkeling kom, maar onder die beheersing van God se Gees en Woord. In dit alles moet ons die karakter van God, ware geregtigheid en heiligheid, hoe langer hoe meer deelagtig word.

Beeld van God wees is dus nie net iets vir die erediens nie, maar ook vir die fabriek, die plaas, die sportveld, die kunsgalery en die musiek-podium, vir die politiek en die ekonomie, die laboratorium en die tegnologieë. Eindelik moet 'beeld van God wees' in elke gelowige soos 'n heerlike vergesig en uitreik wees, wat die nuwe hemel en die nuwe aarde in die geloof vasgryp; die nuwe Jerusalem waarvan alle gelowiges die burgers is, en waarvan ons as konings op die aarde sal regeer en ons hulde in die stad van ons ewige Koning indra.

Skole

Ouers was nie die enigste onderwysers in Israel nie. In die Skrif is daar genoeg aanduidings dat ook ander by die opvoeding in Israel betrokke was. Die stam van Levi, veral die priesters, het opdrag gekry om die volk Israel te leer in die weë van die Here (Deuteronomium 17:10 en 31:10-13; Levitikus 10:11). Ons mag daarom aanneem dat die stede wat aan die Leviete toegeken is (Numeri 35:1-8 en Josua 21), as belangrike plekke van opvoeding en onderrig gefunksioneer het.

Ook die profete was by die onderwys betrokke deur opvoeding en prediking. Die Skrif leer ons dat baie van hierdie profete op verskillende plekke as 'profeteseuns' onder die leierskap

van Elia en later Elisa saamgewoon het (2 Konings 2:3, 5, 7, 15 en 6:1-2). Ons kan aanneem dat hierdie sogenaamde 'skole vir profete' 'n belangrike rol gespeel het om die kennis en aanbidding van die enige God lewendig te hou in 'n tyd van afval in die Noordelike Ryk. In die Bybel lees ons nog van verskeie voorbeelde waar profete en wyse manne volgelinge gehad het wat deur hulle onderrig is. Hoewel dit lyk of alle onderrig by hierdie 'skole' godsdienstig van aard is, kan ons tog aanneem dat ander 'skole' 'n breër kurrikulum gedek het. Dat skole ook in die tyd van Paulus 'n normale verskynsel was, blyk byvoorbeeld uit Handeling 19:9.

In Deuteronomium 33:10 het die Leviete wel die opdrag van God ontvang om sy openbaring aan sy kinders te leer, maar die onderrig het nie daarby gebly nie. Die Levitiese stede het in die tyd van die konings ook gedien as administratiewe sentrums. Die Leviete was by die 'sake van die koning' betrokke (1 Kronieke 26:29-32). Ons kan dus aanneem dat hierdie stede ook skole vir skribas ingesluit het, waar hulle leer skryf en administratiewe vaardighede aangeleer het om die koninklike regering en administrasie aan die gang te hou. Die volk Israel was oor die algemeen geletterd (lees byvoorbeeld Josua 18:4, 8-9 en Rigters 8:14).

Onderwysers ook vaders en moeders

Hoe raak die onderwys en opvoeding in die Ou Testament ons as onderwysers vandag? Ons kan nie slegs vassteek by teologiese skole en katkisasie nie! Wat van houtwerk en leerlooierij, wat van landbou en veeteelt, wat van kuns en filosofie, wat van die bewaking van land en familie deur militêre opleiding en liggaamlike paraatmaking?

Onderwys in Israel is daarop gerig om seuns en dogters vir hul toekomstige taak in die lewe voor te berei. Die hele Spreukeboek wei uitvoerig daarvoor uit. Dit beteken nie dat die onderwys alleen praktiese van aard was en nie godsdienstig nie. Die Bybel ken

geen skeiding tussen die twee nie. Om skape op te pas en hulle met slingervel en mes teen leeus en bere te beskerm, was net so direk godsdiens as om die leëordes van Israel teen die Filistyne te lei; net so om koning van Israel te wees. Voorbereiding vir die lewe beteken toerusting vir jou werk eendag, in die lewe met sy volle reikwydte, in gemeenskap met God.

Soos reeds genoem, het ouers die heerlike opdrag gekry om hul kinders binne die volle spektrum van hulle bestaan in die gesin en huwelik, by die werk en die samelewing, en veral as gemeente van die HERE, te vorm na die beeld van hul Vader in die hemel. Dit is hulle eerste verantwoordelijkheid. Soos die ouers God se instrumente is om kinders natuurlik voort te bring, so is hulle ook sy instrumente om hulle in sy verbond op te voed vir die ewige lewe!

Dit is vir onderwysers belangrik om op die volgende te let: onderwysers word in die Skrif aangespreek as vaders en die studente as hul seuns! Die term 'vader' dui respek aan. So word byvoorbeeld 'n Leviet as vader aangespreek (Rigters 17:10; 18:19). Die feit dat onderwysers in God se Woord as 'vaders' aangespreek word, beteken dat vandag se onderwysers hulle nie kan losmaak van die feit dat hulle buiten hul normale akademiese taak om kinders voor te berei vir die lewe, ook 'n verantwoordelijkheid het ten opsigte van die ewige lewe nie. Gelowiges se lewens is in sigself immers god-diens-gerig?

Onderwysers het 'n groot invloed op die lewe van hul leerlinge. Daarom bied dit aan onderwysers die ideale geleentheid om instrumente in God se hand te wees. Die implikasie om onderwyser te wees, is dus enorm en die verantwoordelijkheid geweldig. Om hierdie rede kan gelowiges baie dankbaar wees indien hulle die voorreg het om eie gereformeerde skole te hê waar hul kinders grootgemaak kan word binne die verbondsgemeenskap, met die oog gerig op die Verbondsgod.

Die doel van onderwys - kortliks

'Opvoeding' beteken 'opleiding na bo'; om 'n klein plantjie langs 'n leitou na bo op te lei; om iemand wat nog klein is groot te maak. Volgens Efesiërs 4 is dit om 'n persoon na volwassenheid te lei. Opvoeding hang ten nouste met die opvoeder se lewens- en wêreldbeskouing saam. Die doel is die vorming van die mens om volkome toegerus te wees vir elke goeie werk (2 Timoteus 3:17). Saamgevat: onderwys het waaragtige godsvrug met deeglike kennis en egte beskawing ten doel.

Die ouers by die huis en die 'vaders' en 'moeders' by die skool werk na dieselfde doel: die opvoeding van kinders in die vrees van die Here en om hulle toe te rus vir hul plek in die lewe; 'n lewe wat geleef word saam met en vir God. Die gemeenskaplike doel by die huis en in die skool beteken dat die atmosfeer in die skool baie ooreenstem met dié in die huise. Dit sal insluit 'n gedissiplineerdheid, respek vir hul 'skoolouers' en 'n samehorigheidsgevoel – 'n wete dat hulle mede-erfgename is van God se beloftes.

Die hart van gereformeerde onderwys

Die uitgangspunt van gereformeerde onderwys wat alles deursuur, is die verbondenheid van die gelowige met die Here,

'n band van hart tot hart. Dit is 'n verbintenis met God se skepping en sy verbond met die gelowige. Daaruit vloei 'n eiesoortige verwysingskader voort, 'n eie onderwysprogram met 'n eie inhoud en 'n taakgerigte lewenswyse gewy aan God, jou naaste en die skepping; om daarin tot volwassenheid en maksimale prestasie te groei om ons geslag volgens die raad van God te dien. Gereformeerde onderwys is nie slegs 'n intellektuele en kognitiewe aangeleentheid nie, want kennis staan nie los van die diensaspek, vaardigheid, afgerondheid, emosie, norme, respek, ensovoorts nie.

Gereformeerde onderwys is:

- Toerusting tot 'n mens se taak in die wêreld. Daarin moet die leerling se individuele vermoëns erken word en moet hy gehelp word om die vermoëns optimaal te ontplooi.
- Verdiskontering van veranderde lewensomstandighede en van die aktuele samelewing.
- Leiding sodat leerlinge in verskeie leergebiede effektief diensbaar kan wees.
- Met die verbondopdrag as uitgangspunt en bron, volledig kindgerig, volledig leerstofgerig en volledig taakgerig.

Daar is nog heelwat ander Bybelse gewens wat leiding gee ten opsigte van die verhouding tussen onderwysers en ouers. Byvoorbeeld:

- Die eenheid wat daar moet wees tussen wat geleer word in die ouerhuis, in die kerk en op die skool sodat kinders 'n duidelike en eensluidende opvoeding kry. Dit is pedagogies baie belangrik en dit is deel van die eensgesindheid wat die Bybel leer en van God se kinders vra.
- Broeders en susters in die geloof dra mekaar se laste en wil 'n hand en 'n voet vir mekaar wees, ook in die opvoeding van hul kinders. Wat die een nie kan nie of nie die geleentheid voor het nie, kan die ander in voorsien.
- Die liggaam van Christus bestaan uit baie lede. Die een is 'n oog, die ander 'n arm, ensovoorts. Die een is deskundig op die gebied van opvoeding en onderwys; die ander kan weer 'n ander bydrae lewer. So help onderwysers op baie maniere met die opvoeding. Ouers ondersteun op ander maniere.
- Nog 'n Bybelse gegewe is dat ons die ander uitnemender as onself moet ag. Dus as die onderwyser oor 'n sekere kundigheid/opleiding beskik, kan en moet die ouer dit respekteer en daarvan gebruik maak. Die ouer het 'n sekere band met sy kind waardeur belangrike kommunikasie plaasvind. Onderwysers moet dit ook benut.
- Die term 'gemeenskap van die heiliges', dus om dinge saam te doen – teen die individualisme, maar ook as 'n front teen die bose magte in die lug – is ook 'n Bybelse gegewe wat in die verhouding ouer-onderwyser verdiskonteer moet word.

Die Bybel bevat ook baie wysheid oor die metode van onderwys en opvoeding. Die Spreukeboek is vol daarvan.

Implikasies vir onderwysers

Goeie en parate Bybelkennis is noodsaaklik, asook die vermoë om die kennis en insig oor te dra. Onderwysers moet vroom en voorbeeldig in hulle lewenswandel wees. Hulle moet daarvan oortuig wees dat die onderwysberoep 'n mooi roeping is. Die Here gee dit om ouers te help in die opvoeding van hulle kinders.

VGL BYEENKOMS

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om DV Saterdagoggend 23 Augustus 2008 vanaf 08:00-13:00 'n byeenkoms te hou waartydens die tema Christelike etiek, toegepas op Sondagsheiliging, bespreek gaan word. Die gedagte is om op die basis van toepaslike Skrifbeginsels 'n praktykgerigte gesprek oor die heiliging van die Sondag te voer. U word hartlik daarheen uitgenooi.

Sprekers

Dr HG Stoker – Skrifberoep in die Gereformeerde etiek
Dr A Miskin – Etiese vraagstukke in verband met Sondagsheiliging
Ds LJ Erasmus – Repliek

Plek

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

Registrasie

Om onkoste te delg word 'n registrasiefooi van R30,00 per persoon gehef. U word vriendelik versoek om voor 18 Augustus 2008 vir die byeenkoms te bespreek sodat die nodige reëlins vir die voorsiening van verversings getref kan word.

Kontakpersoon

Mev. Joke de Wind – tel. 012 332 4676 (e-pos: jokedewind@gmail.com)

Van die redaksie

U ontvang hiermee die tweede uitgawe van *Waarheid en Dwaling* vir die jaar. Vanweë geweldige toename in werksdrukte by die redaksie en skrywers sien dié uitgawe nou eers die lig. Daarvoor word verskoning aangebied.

Dr ALA Buys sal vanaf die volgende uitgawe weer as eindredakteur optree, waarvoor ons hom baie dankbaar is. As stigter van die blad is hy uitnemend geskik vir hierdie belangrike taak.

Die redaksie het verder besluit om ter wille van die beter vloei van werksaamhede asook die nimmer-eindigende styging in druk- en versendingskoste *Waarheid en Dwaling* voortaan twee-maandeliks uit te gee. Die hoeveelheid leesstof wat u ontvang bly bykans dieselfde. In stede van 12 bladsye elke maand, kry u nou 20+ bladsye elke tweede maand. Ons vertrou dat hierdie verandering geen ongerief tot gevolg sal hê nie.

Ten laaste nooi die redaksie u weereens uit om aan debatte en gesprekke deel te neem deur vir ons te skryf. 'n Rubriek vir lesersreaksie stimuleer wisselwerking in denke. Laat gerus van u hoor. Skryf u bydrae in maklik volgbare Afrikaans, en in nie meer as 1 000 woorde nie. Omdat die redaksie tot 'n groot mate elektronies met mekaar kommunikeer, sal dit hoog op prys gestel word indien u u bydrae per e-pos na die adres op die agterblad versend.

GJM

REGTE

Dr AH van den Bout, Hartebeespoortdam

Vas en bindend, tensy (1)

Die *stare decisis* beginsel in die wêreldlike en kerklike reg

Stare decisis beteken om te staan by wat jy besluit het indien soortgelyke sake weer ter sprake kom. Meer volledig lui dit: om te staan by wat besluit is en dit wat tot ruste gekom het nie weer in beroering te bring, of nie weer in beweging te bring nie. Beginselbesluite word geneem, wat 'n mens *presedente* sou kon noem.

Die belang van 'n bespreking van hierdie regsbeginneel word duidelik uit die onrus wat ontstaan het rondom sekere sinodebesluite en die sogenaamde ratifikasiereg volgens Artikel 31 van die Kerkorde.

Die doel van hierdie twee artikels¹ is om meer duidelikheid te bring rondom die beginsel van *stare decisis* (vir vas en bindend hou) en die uitsondering daarop: die 'tensy' (*nisi*) asook die 'bewys word' van Artikel 31 Kerkorde.

Geheeloorsig

Die eerste artikel handel oor die betekenis van *stare decisis*, asook oor die oorsprong van dié beginsel in die wêreldlike en die kerkreg. Die gebruik van die woord *nisi* (tensy) in Artikel 31 Kerkorde word kortliks bespreek en verduidelik.

In die tweede artikel word *stare decisis* in konteks geplaas soos Artikel 31 Kerkorde dit gebruik. Daar is 'n kort bespreking oor die verskil tussen *tensy* en *totdat* en die gevolge wat dit vir die praktiese toepassing van Artikel 31 Kerkorde inhou. Daar word ook op die bewysvoering binne kerkraadsverband ingegaan.

Ten slotte word 'n oorsigtelike samevatting van die twee artikels gegee.

Stare Decisis in die wêreldlike reg

Hoewel die leerstuk (*doctrine*) van *stare decisis* nie in elke regstelsel erken word nie, word die beginsel van die *jurisprudence constante* wel algemeen erken. Dit word van die regbank verwag om voorspelbare (konstante) en nie-chaotiese besluite te neem.

Die Griekse filosowe het 'n groot invloed op die vorming van die Romeinse Reg uitgeoefen, maar die Christendom in die middeleeue het die natuurreg veral afgelei van die orde wat God in sy skepping neergelê het. Die natuurreg is opnuut deur Hugo de Groot (1583-1645) in sy klassieke boek getiteld 'Die Reg van Oorlog en Vrede' geformuleer.

Die gedagtegang van Hugo de Groot, soos hy dit in sy boek weergee, was ongetwyfeld by die Dordtse kerkvaders goed bekend. Laasgenoemde het regstreeks met hom te doen gehad, in dié sin dat Hugo de Groot vir die Arminiane kant gekies het en deur die sinode as ketter veroordeel is. Hugo de Groot is in 1619 deur 'n spesiale regbank tot lewenslange opsluiting veroordeel nadat die Arminiaanse standpunt deur die Dordtse Sinode (1618 en 1619) verwerp is.

Die bestaande natuurregbeginneels en verdere denke van regsgeleerdes, soos Hugo de Groot, het intussen 'n groot invloed op die ontstaan van die Romeins Hollandse Reg uitgeoefen. In die Nederlande het die Romeins Hollandse Reg tydens die formulering van die Dordtse Kerkorde die algemeen heersende reg geword.

Vertikale en horisontale Stare Decisis

Die beginsel dat 'n mens vasstaan by wat besluit is, kan vertikaal vanaf laer howe na hoër howe, tot in die allerhoogste hof toegepas word. Die laer howe in hierdie hiërargie volg dan die voorbeeld wat deur die hoër howe daargestel is.

¹ Die twee oorspronklike, onverkorte artikels met volledige voetnote en bronverwysings sal binnekort op die VGL webwerf (www.vglonline.net) beskikbaar wees.

Die horisontale toepassing van die beginsel geskied wanneer 'n regbank homself gebonde hou (of in elk geval respek toon) aan beslissings wat voorheen deur howe op dieselfde vlak geneem is.

Toepassing van *Stare Decisis*

In die siviele reg word die beginsel oor die algemeen soepel toegepas. *Stare decisis* verskaf aan ons regstelsel 'n mate van kontinuïteit. As daar wel van 'n voorafgaande soortgelyke saak se beslissing afgewyk word, rus daar 'n bewyslas op die regbank om aan te toon wat die korrekte uitspraak moet wees. Daar bestaan dus 'n sogenaamde weerlegbare vermoede dat 'n bepaalde saak volgens 'n bepaalde beginsel en volgens voorafgaande uitsprake oor daardie bepaalde beginsel gehanteer sal word.

Voor- en nadele van *stare decisis*

Die voordeel van *stare decisis* is dat daar 'n mate van voorspelbaarheid oor bepaalde sake is. Dit werk regsekerheid in die hand. Die nadele van *stare decisis* is dat 'n regbank in 'n bepaalde rigting ingedwing en daardeur gebind word. Dit sou ondemokraties wees, omdat regters die wet moet volg wat hulle self neergelê het. By grondwetlike sake kan dit ondermynend van die gesag van die grondwet wees om voorafgaande (verkeerde) besluite te volg. Die grondwet skryf in elk geval *stare decisis* nie as verpligtend voor nie.

Kerkreg uit die wêreldlike reg

Kerk en staat was aan die begin van die Romeinse Reg nie duidelik geskei nie. Sonder om uitgebreid hierop in te gaan, is dit duidelik dat die kerk al baie vroeg begin het om sy eie sake te hanteer met eie hofgedinge en -beslissings. Die kerk het die Romeinse Reg as sy uitgangspunt geneem, wat op die *Institute* en die *Codex* van keiser Justinianus gebaseer is. Die kerk het geleidelik die Romeinse Reg aangevul met sy eie (beginsel)besluite, wat deur kerklike vergaderings geneem is, asook by wyse van pouslike dekrete en kerklike gewoontereg².

2 Inleiding tot die Reg - Lourens M du Plessis, 2e druk 1993, Juta & Kie.

Hierdie regstelsel, wat later die *kanonieke reg* genoem is, is nie net in kerklike aangeleenthede toegepas nie, maar ook in alledaagse sake soos huwelike en handelsake. Appèlsake is al hoe meer in Rome aangehoor en beslis. Die kanonieke reg is in die twaalfde eeu deur Gratianus, 'n monnik van Bologna, sistematies ingedeel en opgeskryf³. Dit is in regs fakulteite van Bologna en Orléans gedoseer.

Pous Alexander III (1159-1186) het reeds baie uitsprake in appèlsake wat vir 'n christelike samelewing van belang is, gelewer. In 'n uitspraak van Pous Innocentius III (1203) word vermeld dat in sake waar die pous 'n beslissing geneem het, ander regters in soortgelyke sake dieselfde besluite moet neem, tensy (*nisi forte*) die regter 'n ander besluit moet neem om rede van noodsaaklikheid of nuttigheid (deugdelikheid). Bernardus Parmensis (1250) het vasgestel dat 'n primêre uitspraak oor 'n saak duidelik moet wees omdat ander hulle besluite in ooreenstemming daarmee moet gee. Parnormitanus (1430) vermeld dat die Pous die regte pad in sy besluitneming moet volg, omdat laer regters hulle besluite in ooreenstemming met die Pous se besluit moet neem, as (*si*) die pous sy besluit regverdig en reg geneem het.

Ou kerklike gebruik van *nisi* en *si*

By die ontwikkeling van die kanonieke reg blyk dit al duideliker dat daar onder bepaalde omstandighede van die besluite van die hoogste hof afgewyk kan word. Dit mag egter slegs gebeur as vorige besluite in ag geneem is, en tensy (*nisi/nisiforte*) daar 'n goeie rede (*causa*) daarvoor bestaan. Die rede moet in noodsaak of nuttigheid gegrond wees.

In die lig hiervan kan moontlik aanvaar word dat die '*tensy bewys word*' van Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde nie *net* sy oorsprong in die belydenis van die kerk en dus ook in die Heilige Skrif het nie⁴. Dit maak al 'n aantal eeue vantevore sy verskyning in

3 *Decretum Gratiani - Concordia Discordantium Canonum*.

4 sien die ThM-verhandeling van dr GJ Meijer oor Ratifikasie in die Gereformeerde Kerkreg. 1995. Potchefstroom.

kerkregtelike uitsprake van die hoogste gesag van daardie tyd, naamlik die pous.

Nisi* en *causa

Die voorwaarde om van kerklike uitsprake af te wyk moet noodsaaklik of nuttig wees. Met ander woorde: noodsaak of nuttigheid moet die oorsaak (*causa*) wees van die nie-hou aan bestaande beslissinge. In die reg is kousaliteit 'n goed uitgewerkte begrip. In kort kom dit daarop neer dat die een saak aan die ander saak gekoppel kan word.

In die kerklike lewe vind die abdikasie van die besluite van meerdere vergaderinge sy oorsaak (*causa*) in die feit dat 'n meerdere kerklike vergadering 'n verkeerde besluit geneem het. Dit moet egter op grond van die enigste bron wat noodsaaklik en nuttig is, die Heilige Skrif, of in die onderling ooreengekome kerkordelike reëls verkeerd bewys word.

Independentisme

Om van beslissings af te wyk terwyl dit nie met grondige redes bewys is dat die betrokke beslissing onregmatig is nie, is al vroeg in die geskiedenis afgewys. Die wêreldlike reg het dit nie ongegrond toegelaat nie, en die kerkreg ook nie. Om besluite te ignoreer of eenvoudig langs jou neer te lê is eiewillige breuk van 'n (kerk)-band. Dit is ontoelaatbaar.

Om sinodebesluite af te wys terwyl 'n appèlproses teen die betrokke besluit aan die gang is en nog nie afgehandel is nie, is 'n ander vorm van independentisme. Dit is nie net onwys om so op te tree nie, maar bevorder 'n chaotiese toestand binne die kerkverband.

Kerkregposisie tydens Sinode van Dordt 1618-1619

Die Reformasie het met die oppergesag van die pous en ook met die gesag van die kanonieke (kerk)reg gebreek. Die Reformasie se beginsels was onder andere *sola scriptura*. Alles moet aan die Skrif getoets word of dit waar en reg is. 'n Kerkorde moes daargestel word om die kerklike riglyne oor

samewerking te gee en hoe om kerklike sake te hanteer.

Die invloed van die kanonieke reg op die denke van die opstellers van die Kerkorde, wat by die Dordtse Sinode finaal sy beslag gekry het, moet sekerlik nie onderskat word nie. Gesien die feit dat teoloë dikwels goed in die regte onderlê was (baie het eers regte gestudeer en daarna teologie, soos Calvyn), is dit nie onmoontlik nie dat die tensy (*nisi*)-beginsel vanuit 'n ou kerktradisie in Artikel 31 geplaas is. Dit is egter opnuut gefundeer, nou

vanuit die Skrif.

Die plaaslike kerk is vanaf die tyd van die Reformasie die eerste, belangrikste bediening van gesag. Dit neem nie weg dat daar samewerking in breër verband moet wees nie (Artikel 29 Kerkorde). Die verhouding tussen plaaslike kerk en kerkverband verklaar die toevoeging van die voorwaardelike tensy in Artikel 31 Kerkorde.

Op grond van bogenoemde moet die slotsom van dr Jan Visser⁵, wat

5 Dr J Visser - Die Kerkorde in Praktijk. 1999. EFJS Drukkers.

sê dat die GKSA geen presedensiële kerkregering het nie, met alle respek afgewys word. Skriftuurlike kerkregering sluit nie 'n presedentestelsel uit nie. Kerklike besluite wat vir vas en bindend gehou moet word, is presedente. Dit is die rigtinggewers binne die kerke. Dit is die *stare decisis* beginsel waarby dan vasstaan wat jy besluit het. Die 'tensy' van Artikel 31 is juis die bewys dat vorige besluite as algemene reël gerespekteer en toegepas moet word. Maar: op die algemene reël kan 'n uitsondering ontstaan.

PERSSKOU

Dr GJ Meijer, Pretoria

Vierkantige sirkel

Op die webruimte van e-kerk (<http://www.ekerk>) verskyn 'n kort bekendstellingsberig van wie e-kerk is en waarvoor dit staan.

Op die vraag wie die e-kerk is, word geantwoord:

E-kerk se doel is om mense regoor die aarde op die internet met die Here se Goeie Nuus te bedien. Saam met Stephan Joubert fokus 'n span toegewyde Christenleiers gereeld op verskillende fasette van kerkwees.

Die tweede vraag wat in die berig beantwoord word, raak die 'hoekom van 'n e-kerk':

- Om vir mense oor die virtuele ruimtes te vertel van die Goeie Nuus dat Jesus Christus die Heer en Redder is. Juis op die internet moet hierdie fantastiese boodskap op nuwe maniere weerklink!
- Om gelowiges regoor die aarde te bemoedig en geestelik toe te rus;
- Om konkrete hulp te verleen aan gelowiges wat swaarkry; en
- Om van tyd tot tyd toerusting te bied aan Christengroepe regoor die wêreld deur middel van besoeke, kursusse en prediking.

Vraag drie gee 'n kort uiteensetting van dit wat die e-kerk glo:

- Dat Jesus Christus die enigste

Heiland en Redder is. Deur die Heilige Gees se werk kan net Hy ons in die regte verhouding met God bring. Net Hy gee vir altyd nuwe lewe;

- Dat die Bybel God se unieke, gesagvolle Woord is; en
- Dat die kerk van die Here almal regoor die aarde insluit wat voor die drie-enige God buig en bely dat Hy met ons op pad is na 'n splinternuwe wêreld toe.

In 'n vierde paragraaf word die saak van 'dubbele lidmaatskap' verduidelik:

Die E-kerk is glad nie 'n eksklusiewe kerk nie. Hier mag jy maar dubbele lidmaatskap hê, want jy moet ook nog by jou plaaslike kerk inskakel! Saam met jou eie kerk wil die E-kerk jou dien en begelei om die goedheid van ons wonderlike God nog beter te verstaan. As jy dalk ver van 'n kerk af bly, of iewers in die buiteland sukkel om by 'n vreemde kerk in te skakel, dan wil die E-kerk graag jou kerk wees!

E-kerk funksioneer soos volg:

Om te voldoen aan die rede vir sy bestaan, funksioneer die e-kerk op verskeie maniere:

- Weeklikse e-posse. Elke week word 'n stukkie Goeie Nuus en Kernkrag aan alle lede van die

E-kerk gestuur. Hierdie e-posse is ook in Engels beskikbaar. (Teken asseblief in op die webtuiste as jy dit ook graag wil ontvang.)

- Verder word verskillende aspekte wat jou geloof raak op die webtuiste aangebied. Bybelstudie; materiaal vir omgeegroep; boekresensies; 'n uithangplek vir die jeug en jongspan; afdelings spesiaal vir vroue; 'n kuierhoekie saam met bekendes en leierskaptoerusting word ook aangebied. Daar is ook rubrieke vir arbeidsake, die huwelik, aanbidding, projekte en die enkelouer. Hierdie materiaal word gereeld opgedateer. Die verskillende medewerkers, elkeen 'n spesialis op sy of haar gebied, kan persoonlik gekontak word deur middel van e-pos adresse wat op die webblad verskyn.
- Daar is ook 'n groepie toegewyde gelowiges wat mense wat probleme het met gebed en raad bystaan.
- Nuusbriewe. Die e-kerk stuur maandeliks nuusbriewe uit aan vroue, manne en leiers.
- Daar is twee toegewyde spanne dames (in Pretoria en in Kemptonpark) wat projekte onder hulpbehoewendes hanteer. Op 'n spesiale afdeling van die webtuiste (nood), sal daar van tyd tot tyd

verslag gedoen word van hierdie liefdesdiens.

Ten slotte word iets gesê oor die bestuur en administrasie van e-kerk:

Die E-kerk is geregistreer as 'n nie-winsgewende maatskappy ('n Artikel 21 Maatskappy) wat bestuur en geadministreer word deur 'n bestuur van Christenleiers vanuit verskillende velde en 'n geoktrooieerde rekenmeester. Donasies aan die E-kerk kan direk gemaak word op die webtuiste. 10% van alle bruto inkomstes word vooraf weggegee aan hulpbehoewendes, asook alle ander fondse nadat administratiewe kostes gedek is.

By die eerste lees hiervan mag die vraag dalk opkom waarom daar in die Persskou aan hierdie berig soveel aandag gegee word. Die antwoord hierop is eintlik eenvoudig en voor die hand liggend. E-kerk publiseer en versprei enorm baie materiaal – nie net deur middel van die internet nie, maar ook in die gedrukte media. Die kans dat u al iets van e-kerk gelees het, is baie goed. Ons moet dus weet met wie en waarmee ons te doen het.

Allereers moet gestel word dat dit besonders is dat die ruimte

van die elektroniese media vir die verkondiging van die evangelie gebruik word. Talle mense, veral jong mense, lees baie eerder internetberigte en e-posse as 'n gedrukte boek of tydskrif. Enkele jare gelede het dr AH Bogaards in *Waarheid en Dwaling* 'n reeks artikels oor 'Stad Internet' gepubliseer. Stad Internet het ongetwyfeld sy donker strate en stegies en agterbuurte. Maar dié stad moet nie as evangeliseringsruimte onderskat word en onbenut bly nie. In daardie opsig vul e-kerk 'n kosbare ruimte.

In dieselfde asem rys daar enkele basiese vrae, wat met die wese van die kerk van Christus te doen het. Enersyds wil e-kerk niks anders as 'n elektroniese hulpdienst verskaf nie. Dit is dus 'n inligtingsforum. Andersyds het e-kerk 'n diensgroep wat hulpbehoewende mense in hulle nood bystaan – 'n tipies diakonale saak van die plaaslike kerk; in terme van die staat 'n welsynsaangeleentheid. Die twee bene waarop e-kerk wil staan klop nie met mekaar nie. Hier word twee rye spore geloop. 'n Vierkantige sirkel word geskep.

'n Verdere saak wat nie klop nie, is die verduideliking rondom dubbele lidmaatskap. Die kerk is Christus s'n. Die kerk is Christus se liggaam, wat nie deur elektroniese kommunikasie aanmekeer gehou word nie. Christus vergader sy kerk deur sy Gees en Woord. Hy lyf ons as lewende lidmate in sy kerk in, sodat ons met die daad gehoorsaam en diensbaar sal wees (HK Sondag 21). Op geen manier kan daar sprake van dubbele lidmaatskap wees nie. E-kerk is geen kerk nie. Uit die bekendstellingsberig blyk dat dit ook nie veronderstel is om kerk te wees nie. Dit wil nie mense 'uit hulle eie kerke (sic!)' wegneem nie. Tog word daar in geen onduidelike taal genoem dat 'e-kerk graag jou kerk wil wees' as omstandighede van so 'n aard is dat jy geen ander keuse het as om in 'n elektroniese kerk opgeneem te word nie. Hoe nou?

Tesame met al die goeie bedoelings wat e-kerk (of is dit E-kerk? – met ander woorde: is e-kerk 'n verskynsel of 'n eienaam?) voorstaan, gaan die rooi gevaarligte helder aan. Dit blyk te meer uit die volgende berig, wat onlangs op die web van e-kerk verskyn het.

Die verskil tussen godsdiens en navolging

'n Vriend van my sê aldag ons het nog nie begin om die regte verskil in die Here se Naam te maak voordat starre godsdiens ons nie as dwaalleraars uitwys nie. Dalk is hy reg. Dalk is die gevaarlikste mense juis diegene op ons voorstoep wie se godsdiens in 'n skyn-heilige affêre verander het. Lyk my, godsdiensigheid en egte navolging van Christus is nie aldag een en dieselfde saak nie.

o Godsdienstiges hou uitgediende kerklike sisteme ten alle koste in stand. Navolgers van Jesus hou verhoudings bo alles in stand. Hulle praat graag met

mekaar, nooit oor mekaar nie. Hulle lewe elke dag saam in die teenwoordigheid van Christus.

o Godsdienstiges hou harde wette in plek. Navolgers van Jesus sorg dat genade in hulle omgewing triomfeer.

o Godsdienstiges sien die kerk as 'n statiese instelling. Navolgers van Jesus beoefen kerkwees elke dag binne die ruimte van 'n lewende beweging. Hulle gee nuwe momentum aan kerkwees in alles wat hulle doen.

o Godsdienstiges soek veiligheid. Navolgers van Jesus soek heiligheid. Hulle soek daagliks

na nuwe geleenthede om te groei in hulle liefde vir God en ander mense.

o Godsdienstiges veroordeel veels te maklik. Navolgers van Jesus vergewe graag.

o Godsdienstiges skryf ander mense af. Navolgers van Jesus begin elke keer oor en voor met ander.

o Godsdienstiges stry gedurig onder mekaar oor wie's reg en wie nie. Navolgers van Christus se daaglikse lewens wys watter leer hulle aanhang. In hulle midde triomfeer Jesus se liefde. Hulle leef hulle geloof deur hulle voetspore en hulle vingerafdrukke uit.

Nou ja, waar staan jy?

In aansluiting by die klassieke 'gewetensvraag', wat nogal eie aan die metodisme is, volg 'n gebed:

Here, maak my lewend sodat ek kan leef

Maak my nuut sodat ek U heiligheid kan uitleef

Maak my klein sodat U grootheid kan wys in al my doen en late

Maak my swak sodat U krag in my kan sigbaar wees

Maak my minder sodat U meer kan wees

Maak my vandag 'n instrument van liefde

Amen

Onduidelike, ongekwalfiseerde en ongemotiveerde stellings soos

'uitgediende kerklike sisteme', 'harde wette', en 'die kerk as 'n statiese instelling' word teenoor die sogenaamde navolging van Jesus (nou nie meer Christus, soos in die inleidende paragraaf genoem) gestel. Dit lei geen twyfel nie dat daar in die kerk van Christus met ywer en voortdurend gewaak moet word teen die instelling van menslike voorskrifte, ligtelike beoordeling en veroordeling van die naaste, skynheiligheid en 'n vasval in tradisionalistiese patrone. Ons eie belydenis maak ons op dié gevare attent (onder andere Artikel 7 NGB). Maar daar moet met net soveel ywer teen die ander kant gewaak word: losbandigheid, gevoel sonder kennis, omverwerping van die

Godgegewe orde.

Wat in bogenoemde artikel gebeur, is eintlik baie bedroewend. Die skrywer maak hom skuldig aan dit waarteen hy self waarsku. Hy tipeer en etiketteer en veroordeel 'godsdiensstiges'. Hy skep 'n teenstelling tussen 'godsdiensdigheid' en 'navolging' wat uit die lug gegryp is. Die Skrif leer ons dat ons redelike godsdiens is om ons liggame as lewende, heilige en aan God welgevallige offers te stel (Romeine 12:1). Is dit godsdiens of navolging? Of al twee?

E-kerk sal versigtig oor hierdie soort uitlatings op hulle webtuiste moet wees. Dit wek verkeerde emosie op, en werk kerkverwoestend.

Wye grense

Om die saak van kerkwees in duideliker en rigtinggewende perspektief te stel, word 'n artikel van dr Chris Saayman, wat in Voxva van April 2008 verskyn het, in sy geheel geplaas. Hy skryf onder die titel 'Katoliek, Protestants, Gereformeerd en Evangelies':

Die titel van die artikel, soos hierbo aangedui, mag dalk 'n wanindruk skep. Nee, dit dui ní net op vier verskillende gestaltes binne die Christendom nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel, dui dit op die viervoudige identiteit van die gereformeerde gelowige! 'n Gereformeerde gelowige behoort/kan met reg hom/haarself beskryf as 'katoliek-protestants-gereformeerde-evangelies'. Klink dalk vreemd – totdat 'n mens die inhoud van elke term beter verstaan. Vervolgens 'n paragraaf oor die betekenis van elke term.

Katoliek – maar, nie Rooms-Katoliek nie! 'Katoliek' beteken iets soos 'algemeen' of 'universeel'. Dit dui op die ware kerk van Christus wat oor die wêreld versprei is en nie vasgepen kan word slegs tot één kerk (denominasie) op een geografiese plek nie. Die ruggraat van hierdie universele kerk is die kernwaarhede van die Christelike Geloof wat die

kerk van 2008 verbind met die kerk regoor die 2000 jaar wat verby is. Dit is die waarhede wat gedurende die eerste 4 eeue ná Christus uit die Skrif geformuleer is. Hier dink ons aan sake soos die leer van die Drie-Eenheid, die leer oor die twee nature van Christus, ensovoorts. Opvallend dat die 16de-eeuse reformatore teruggegryp het na die eerste 4 eeue ten einde die wettigheid van die reformasie te bevestig. Hulle wou geen nuwe kerk stig nie, maar teruggryp op die katolieke kerk van die eerste eeue. Die eerste vier eeue is werklik belangriker as die sestiende eeu! Dit is die vasgryp aan hierdie lyn van ware leer – wat oor 2000 jaar strek – wat aan ons ons katolieke identiteit besorg. Want die groot kenmerk van die katolieke kerk is die apostolisiteit van daardie kerk. Daarmee word bedoel dat die apostoliese suksessie behou word. Daarmee word nie bedoel dat die destydse apostels fisies 'voortplant' in direkte fisiese opvolgers (biskoppe) nie, maar dat die apostels se leer steeds getrou uitgelê en verkondig word. Daardie leer is in die Skrif neergepen. Die kerk se getroue suiwere onderrig van die apostoliese waarheid, maak die kerk apostolies en daarom katoliek.

Protestants – en dus nie Rooms-Katoliek of Oosters-Ortodoks nie! Om protestants te wees beteken om nee te sê vir alles wat die Bybelse boodskap kan versluier of byvoegings tot die Skrif maak. Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) hou inderdaad vas aan talle universele Skrifwaarhede. Die probleem is die talle byvoegings wat hulle tot die Skrif maak. Die byvoegings veroorsaak dat die ware evangelie versluier word. Die 'plusse' het 'minusse' tot gevolg! Om by te tel beteken om af te trek. Soveel so dat die RKK-leer dit vir mense bykans onmoontlik maak om die klare evangelie te hóór. 'n Mens sou talle van hierdie byvoegings kon noem soos byvoorbeeld die tradisie wat by die Skrif gevoeg word. Op die ou end is die Skrif nie genoegsaam en selfverklarend nie, maar is dit die kerk se biskoppe-in-gemeenskap-met-die-pous (Magisterium) wat alleen die Skrif korrek kan verklaar. Verder is daar die klem op die Kerk, tot so 'n mate dat die Kerk die plek van Christus en die Gees inneem. Om aan die RKK te behoort word feitlik sinoniem om aan Christus te behoort. Voeg daarby nog die fokus op Maria en die heiliges, ensovoorts. Al hierdie dinge versluier die

evangelieboodskap. Uit protestantse oogpunt is die Woord sentraal pleks van die Mis. Die Protestant sê nee vir alles wat die 'Godwees' van God en die Skrif-alleen bedreig. Die Protestant wil die eer aan God alleen gee en fokus op 'genade alleen' (sola gratia) en 'geloof alleen' (sola fide). Dit beteken dat die regverdigmaking-deur-die-geloof-alleen sentraal staan. Genade word verstaan as Gods guns jeens mense wat dit glad nie verdien nie. Daarom doen God alles in die mense se verlossing sonder dat die mens 'n aandeel het. Geloof is nie die mens se aandeel nie. Geloof aanvaar wel die heil wat God reeds ten volle volbring het. Geloof word verstaan, nie as blote intellektuele instemming nie, maar daadwerklike vertroue op Christus. Daarom word die regverdigmaking verstaan as 'n Godsdaad van juridiese regverdigverklaring van die sondaar op grond van Christus se verdienste.

Gereformeerd – en dus nie Lutheraans nie. Die Protestantse wêreld vorm ongelukkig nie 'n eenheid nie. Alhoewel die veronderstelling is dat die Skrif by almal sentraal moes wees, gebeur dit in die praktyk dat die klem verskuif word na die mens – soms na die menslike rede, soms na ervaring, soms na die kerk, soms na die sakramente. Gedurende die 16de eeu het die gereformeerde vleuel van die reformasie – waarvan Calvin die mees invloedryke figuur was – die kern van die Protestantse oortuigings (soos by die vorige punt uiteengesit) die beste tot hul Skriftuurlike reg laat kom. Samevatting hiervan is in verskillende belydenisskrifte vasgelê soos byvoorbeeld die Nederlandse Geloofsbelijdenis, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls, Westminster Confession en Thirty-nine Articles. Die hartklop van hierdie belydenisskrifte is die verlange om die outentieke Christelike Geloof van die éérste kerk (eerste paar eeue ná Christus) te verwoord en om – om dit so te stel – die 'Godwees van God' te bely, om Hom in die sentrum van Sy eie skepping te sien. Die sentrale fokus op God en Sy Woord beïnvloed die totale sig van die gereformeerde op die geloof, die kerk en die lewe as sulks. Om dit anders te stel: die soewereiniteit van God staan sentraal. Geen wonder dat

die diepte van die sondeval en die totale verdorwenheid van die mens onverswak gehandhaaf word en dat die wilsvryheid van die verlore mens afgewys word nie. Daarby word die vrye genade van God in Sy verkiesing en genadeverbond onomwonde bely. Dit is te verstane dat die leer van Jacobus Arminius (Arminianisme), waarvolgens die gevolge van die sondeval afgeswak word, die verkiesing voorwaardelik gemaak word en die mens se samewerking in die heil beklemtoon word, op Bybelse gronde afgewys word.

Evangelies – maar nie Arminiaans nie! Dit is so dat die begrip 'evangelies' histories gesien dikwels 'n Arminiaanse geladenheid bevat. Die begrip 'evangelies' word hier in die wydste sin van die woord gebruik. Vanuit 'n bepaalde hoek gesien, kan John Wesley (1703-1791) gesien word as die vader van die evangeliese rigting. Hy was 'n uitgesproke Arminiaan. Tog was George Whitefield, sy medearbeider, 'n volbloed Calvinis. Opvallend dat ook Maarten Luther homself as 'evangelies' bestempel het. Daarmee het Luther verwys na sy onverbloemde passie om die Woord en die suiwere evangelie van Jesus Christus te handhaaf. In die Evangeliese Beweging van die 18de eeu (EB) het dit dan ook gebeur dat óók gereformeerdes betrokke was. Twee van die strominge binne die EB was ongetwyfeld die Arminiane en Calviniste. 'n Mens dink onwillekeurig aan die Engelse Puriteine – wat uitgesproke Calviniste was. Uiteindelik het die paaie geskei, veral toe die Arminiaanse stroom opgegaan het in 'n stuk metodisme en 'n heiligheidsbeweging wat uiteindelik die moeder was van die moderne Pentekostalisme. Daar is egter ánder winspunte van die EB (en die begrip 'evangelies' in die wyer sin van die woord) waarby ons nie mag verbygaan nie. Kenmerkend is die hoë siening van die Bybel as onfeilbare Woord van God, die klem op die soteriologie (verlossingsleer - GJM), die noodsaak van geloof en bekering, die klem op sekerheid van saligheid asook die passie vir sending en evangelisasie. Uit die EB leer ons ook dat dit moontlik is vir gelowiges om oor kerkgrense heen mekaar as gelowiges te herken, te

respekteer en saam te werk sónder dat eie oortuigings prysgegee hoef te word. Hierdie winspunte dien as 'n belangrike korrekief op die gevaar van verstarheid wat soms in gereformeerde kringe voorkom waar daar sonder meer aanvaar word dat alle lidmate gered is en die noodsaak van bekering afgeswak word – kortom genoem verbondsoutomatisme. Daarmee saam gaan 'n geneigdheid om gemeentebearbeiding te beklemtoon ten koste van sending en evangelisasie. 'n Ander gevaar is dat die aksent op opvoeding en onderrig so sterk funksioneer dat die indruk kan ontstaan dat opvoeding mense tot in die koninkryk bring, in plaas daarvan dat mense die koninkryk ingaan deur Christus se verdienste en bekering tot Hom. Die evangeliese aksent laat waarskuwingseine hoor wanneer hierdie gevare opduik. Ja, die gereformeerde gelowige wil graag van harte evangelies wees – in die gesonde sin van die woord.

Sou 'n gelowige nie hom/haarself bloot net 'Christen-gelowige' kon noem nie? Inderdaad wel. Maar, as gevolg van die talle ontwikkelinge (waarvan sommige afwykend van die leer van die Skrif) wat oor die afgelope 2000 jaar plaasgevind het, is dit vir die gelowige wat daarmee erns maak om 'n Skrifgefundeerde gelowige te wees, noodsaaklik om hom/haarself meer presies te identifiseer. Hopelik help bogenoemde viervoudige identiteit die leser hiertoe.

'n Mens sou by dr Saayman se lysie nog enkele belangrike woorde kon voeg. Gereformeerdes is ongetwyfeld ook charismaties. Die genadegawes van die Gees (charismata) is tog seker nie tot die sogenaamd charismatiese kerk beperk nie – of hoe? En die Gereformeerde Kerke is Pinksterkerke. Ons vier en beleef die Pinkstergebeure seker niks minder nie as diegene wat hulle as Pinksterprotestants of Pentakostalies uitgee nie. Gereformeerde Kerke is Volle Evangelie Kerke – mits ons die volle evangelie bedien en beleef, en nie met 'n halwe of versnipperde evangelie tevrede is nie (dink aan al die halwe Bybels – Nuwe Testament

en Psalms – wat in menige huis gebruik word).

Die kerk se grense is dus baie wyd. Nie omdat mense dit wyd maak

nie, maar omdat Christus ruimtes skep wat nie begrens word deur 'n ondeurdagte artikel op e-kerk se webtuiste nie. Voordat daar ligtelik klippe na ons gereformeerde-wees

gegooi word, is dit van belang om deeglik te besin hoe wyd en diep die gereformeerde godsdiens strek. Dit is 'n saak van eerlikheid. En van roeping.

Beroepskeuse

In die Januarie 2008-uitgawe van *Kerk en Woord*, die gemeenteblyd van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, skryf Ybie Schuring oor dié uiters belangrike onderwerp. Alhoewel ons intussen enkele maande verder in die jaar is, is die saak steeds relevant en nodig om oor te besin.

Br Schuring skryf:

Nou dat ons weer aan die begin van 'n nuwe akademiese jaar staan is dit miskien goed om weer 'n slag te praat, dink en lees oor die belangrike onderwerp van die keuse van 'n beroep.

Op Vrydag 10 September 1971 (36 jaar gelede!) was daar 'n vergadering in die kerkgebou van die Vrye Gereformeerde Kerk, h/v 14e Laan en Frederikastraat, oor die onderwerp 'Beroepskeuse'. Die uitnodiging tot hierdie byeenkoms het uitgegaan van die verenigings van die destydse gemeente. Op hierdie vergadering het dr C. van der Waal 'n referaat gehou wat vandag nog net so aktueel is en haal ek graag die volgende dele aan (taalgebruik onveranderd gelaat). Die titel was: 'Uw kind leeft morgen'.

'Die Heer hou Sy verbond in stand en maak ons van ons vyand vry, Hy red ons van die harde hand, wat ons wil kneg in slawerny.' Wanneer die inset van ons lewe nie op ons kinders gerig is nie, sal dit beteken dat ons wins in ons generasie nie deel sal wees van die nageslag en dan kan maar bo die geskiedenis van ons bestaan geskrywe word: 'Ein Stern fällt vom Himmel'. Wanneer 'n wonder van die 19e eeu nie gevolg word deur 'n wonder van die 20e eeu nie, dan het die wonder van die 19e eeu 'n museumstuk geword, 'n bedeling wat verouder het en naby die verdwyning is.

Ons weet nie wanneer Christus

terugkom nie. Ons ken alleen ons opdrag. En vanuit hierdie opdrag het ons die roeping tot verantwoorde 'toekomsbeplanning', juis wat die opleiding en vakkeuse van ons kinders aanbetref.

Ons lewe in 'n tegnokratiese tydperk. Geweldige industrialisasie. Ook 'n tydperk van spesialisasie. Die vakliteratuur is enorm.

Toerustingsmoontlikhede is in groot mate beskikbaar. Dan is daar die welvaartstaat. Terwyl studie vroeër slegs vir 'n sekere klasse weggeleë was, is dit nou so dat vir elkeen wat kan studeer die akademiese loopbane oop lê. Die aksent op die tegniek veroorsaak egter eensydighede. Die tegniese sektor word topswaar. Die amerikanisasie het ook SA in die greep. Gevolglik is byvoorbeeld 'n vak as geskiedenis 'n keusevak. Terwyl kerklede wortel in die heilsgeskiedenis, is ons tyd daarop uit om die geskiedenis oor te laat aan liefhebbers. Keusevak. Die taalonderrig staan ook in ons land onder invloed van nuwere stromings wat vir die woord min eerbied het en praktisisties dink. So word versperrings op die pad van die Woord opgerig.

Wat die teologiese studie aanbetref is daar ook die neiging tot inperking van die studie. Finansiële kan 'n begaafde student trouens ook beter arts, advokaat of leraar word. Ook in SA neem die ontkerkeliking steeds toe wat die predikantamp nie aantreklik maak nie. Aan die ander kant moet gekonstateer word dat die wêreld uiters bekwame en begaafde spesialiste oplewer. Deurdat in ortodokse kring die kennis- en opleidings-peil nie altyd op peil was nie, doen die verskynsel hom voor dat die ortodokse kringe min kampioene vir die waarheid oplewer. Daar is 'n ontstellende gebrek aan konfessionele leiers wat op 'n gelyke

vlak met hul teenstander kan spreek.

Dit is noodsaaklik om nader te oorweeg wat ons te doen staan nou dat 'n jonger geslag al meer die moontlikhede tot studie aangryp. Hierby is vereis:

1. 'n Oorsig van die dinge wat nodig is;
2. 'n Oorsig van die moontlikhede;

Insake die dinge wat nodig is

Wanneer ons weet dat hierdie tyd tegnokraties is, sal ons ons moet beywer dat ons tegnikusse ook inderdaad gereformeerde is. Dan sal hulle langs hulle egter manne moet hê wat ook insake tale, geskiedenis, volkekunde, teologie, ensovoorts goeie voorligting kan gee. Ons moet nie materialisties-topswaar word nie.

Juis vir ons nasie sal ons die offer moet bring om in allerlei beroepe mense in te stoot. Persoonlik wil ek die mees dringende beroep op u doen om allereers die ryk van God te soek in hierdie opsig. U kinders is pande, geleende goed en u moet dit ekonomies beheer. Ons het manne nodig wat filosofies geskool is, wat klassieke tale beheers, wat moderne tale ken, wat die wonder van die Afrikaans deurgee, wat insake natuurbeheer hul sê kan sê, ensovoorts. Kry ons hulle nie, maar soek hulle Mammon, bring ons geen offers nie, dan dien ons SA nie. Ek sal offer wat jy vra!

Nou die moontlikhede.

Ons moet die welvaartstyd gebruik. Vir elkeen wat wil is daar baie moontlikhede in beroepe. Ons moet nie dink dit is niks vir ons mense nie. Wanneer iemand geen predikant wil word omdat hy nie 'n 'wryfpaal' vir Jan en alleman wil wees nie, dan moet bedink word dat daar poste is vir dosente Bybelkunde en

Semitiese en ander tale. Ons moet juis teoloë kry, waaruit later moontlik predikante gekies kan word.

Ons het 'n ontsaglike rykdom en moet dit uitdra. Dit sal heeltemal nie oorbodig wees as iemand eers teologie studeer en later iets anders of omgekeerd. Hoe meer bekwame mense ons het, hoe meer ons juis in ons tyd kan wegbreek van die eenmansbediening deur die "dominee" as pastor in die bloeiende vrugteboord.

En dan die klassieke tale! Hoe noodsaaklik is dit dat ons manne het wat dit beheers. Net so met historiesekrywing. Daar word op universiteite geskreeu na vakbekwame manne wat nie humanisties is nie. Hier moet ons ons kinders lei, stuur, op 'n weg sit. Dit mag nie so wees dat van ons geskrywe kan word dat ons veel verdien het en die maklikste weg gekies het nie; dat ons kon help,

oordra, verder bou, maar dat ons die goue kalf en die slordigheid van 'laat maar gaan' gekies het nie. Ons werk nie om te eet nie. Laat die ouers die jeug steun in die begeerte om die Here te dien!

Outomatisering van gehoorsaamheid en formalisering van die christelike etos sal beteken dat ouers geen aandag gee aan hul kinders se beroepskeuse nie en volstaan met: as hulle die Here maar dien.

Ons sal moet nagaan hóé hulle die Here kan dien in hulle vakkeuse. En dan sal die moontlikhede én die nood hier 'n woordjie moet meesprek. Dit mag nie so wees dat 'môre' ons kinders wat dan leef, sal sug: waarom het ons ouers ons geen offer en geen visie geleer nie? Is profetiese visie en priesterlike offerbereidheid daar, dan is die vaart ook daar. En hoe vaardiger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word gewoonlik die weldaad openbaar wat God in ons werk (DLR 3/4 paragraaf 17).

Tot sover Dr van der Waal.

Br Schuring voeg daaraan toe:

Soek ons nog allereers die koninkryk van God? Dr vd Waal was ook die man wat die oprigting van eie Gereformeerde skole baie sterk beklemtoon het. Hoe dankbaar moet ons wees dat daar vandag wel sulke skole is. Dr vd Waal het in sy bogenoemde referaat onder andere ook opgemerk – 'Noudat ons geen eie inrigtings vir onderwys het, sal ons tog op die kweek van gesaghebbende wetenskaplikes moet aanstuur wat juis daar waar gevaarsituasies is, kan optree en die betekenis van die gereformeerde belydenis realiteit kan maak.'

Maar nou dat ons dit wel het en daar selfs 'n gereformeerde opleiding vir onderwysers, Aros, bestaan, moet ons nie des te harder ons kinders in die regte rigting stimuleer nie? Wat is die regte rigting? 1 Johannes 3:19-24 leer ons dat 'as ons sy gebooie bewaar, ons in Hom sal bly en Hy in ons. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het'. Hy maak ons dus begeesterde kinders van Hom en dan is ons lewende lidmate met brandende harte in sy diens. En so maak ons ons kinders ook

entoesiasties en gewillig om allereers sy of haar talente te gebruik in die rigting waarin hulle die Here die beste kan dien.

Mag u alle wysheid, insig en 'n hart om te verstaan, ontvang om ook in die nuwe jaar die tekens wat die Here op ons paaie gee, te ken en aan u kinders oor te dra.

Dr van der Waal se referaat en br Schuring se opmerkings laat 'n mens diep dink. Dit is algemeen bekend dat daar in Suid-Afrika op alle terreine van die samelewing na goeie vakmanne gesoek word. Omdat daar op soveel plekke 'n ineenstorting in behoorlike dienslewering is, is vakmanskap van die hoogste belang. Maar wat onderskei 'n gelowige vakman en -vrou van die ongelowige? Is dit nie juis die onderbou nie? Die geloofsgrond waarop ons staan? Tegniese kennis alleen kan nooit genoegsaam wees nie. Alles in die skepping rus op die Woord.

In die lig hiervan word elke gelowige groep om, ongeag die rigting waarin hy of sy studeer en werk, student in die Skrif te wees en lewenslank te bly. Die Woord van God het immers die eerste en laaste sê oor elke duimbreedte van ons lewe – ook oor bouers en elektrisiëns en loodgieters en besigheidsmanne en laboratorium-tegnici se daaglikse aktiwiteite. Om uit te vind wat die eerste en laaste sê behels, verg studie. Wie anders gaan die studie doen as hulle wat in die vakgebied opereer?

Dr van der Waal en br Schuring se oproep om erns te maak met die geesteswetenskappe is eweneens van kardinale belang. Die tekort aan goed opgeleide gereformeerde onderwysers en predikante (om net twee roepinge te noem, daar is baie meer) is nypend. Die waarskuwing van 36 jaar gelede klink vandag des te meer dringend op: laat ouers hulle kinders begelei om hulle beroepskeuse Godgerig uit te oefen. Per slot van sake bid ons 'Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde'. Dit beteken onder andere: 'laat ons elkeen ons amp en beroep net so gewillig en getrou uitvoer soos die engele in die hemel' (HK Sondag 49).

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: Waarheid en Dwaling

Dr ALA Buys

Ds C Jooste

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: jdirkdas@magalies.net

Intekengeld:

R150 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031